bied, „the Orange River Sovereignty," tydens die afwesigheid van die goewerneur aan die resident, Warden, nou gepromoveer tot majoor, oordra, maar wat ook vir die aanstelling van magistrate en 'n landraad voorsiening maak. Die laasgenoemde liggaam, waarop ook burgers sitting sou kry, was veral met die indeling van die land in distrikte en die afbakening en registrasie van plase belas.

Sir Harry Smith was eerlik oortuig in sy gemoed dat die anneksasie deur die bewoners van Transoranje verwelkom sou word, en dat die weifelaars onder hulle deur sy twede proklamasie, wat tot die skepping van administratiewe orde en die versekering van grondregte moes lei, na sy kant gebring sou word; maar daar was groot foute in sy rekening. Hy het die gemoedstemming van die groot meerderheid van die blankes in die geannekseerde gebied nie begryp nie. Na hulle onplesierige ondervindings van die afgelope jare, was selfs diegene wat vroeër nie republikeinsgesind gewees het nie, met groot suspiesie teenoor die Engelse gesagvoerders vervul, en die haastige en outokratiese optree van die goewerneur het hulle nie alleen geskok nie, maar ook laat vrees vir wat nog verder van bo-af oor hulle geproklameer kon word. Veral die Winburgers was nie van plan om weer Britse onderdane te word nie, en in groot getalle het hulle oor die Vaalrivier begin trek.

Pretorius het intussen die sekerheid gekry dat die noordelike Trekkers aan weerskante van die Vaalrivier sterk teen die idee van anneksasie gekant was, en hy wou vir sir Harry Smith uit sy droom gaan help, maar tot sy onsteltenis moes hy verneem dat die goewerneur hom nie deur hulle afspraak gebind geag het nie. Die enigste ligpunt vir Pretorius was dat die proklamasie van 3 Februarie nie, soos die oorspronklike bedoeling was ook die Transvaalse gebied ingesluit het nie, maar die troos wat hy hieruit geskep het, was, uit 'n ander standpunt gesien, juis in stryd met sy groot strewe om die Trekbeweging op 'n staatkundige eenheid te laat uitloop. Hoe kon hy, die kommandant-generaal van al die Trekkers, en die man wat hom geroepe geag het om hulle almal onder een republiek te verenig, sy oor vir die roepstemme om hulp uit die geannekseerde gebied sluit? Hy verskyn dus in Julie 1848 met 'n kommando in Winburg, en kort op die hakke van Biddulph, wat onder die proklamasie van 8 Maart daar tot magistraat benoem was en net betyds gevlug het, trek hy suidwaarts — deur Bloemfontein, wat op 20 Julie moes kapituleer, na die Oranjerivier. Die magtelose Warden en Biddulph was reeds oor die rivier toe hy daar aankom. Sy oog was egter nie op hulle gerig nie, maar



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

wel op die goewerneur wat met 'n aansienlike troepemag uit die Kaapkolonie aan die nader was. Met hom wou hy graag onderhandel. Hy kon tog nou die bewys lewer dat die Trekkers teen die anneksasie was. Selfs in Transoranje het nog vóór sy koms 'n petiesie daarteen 558 handtekenings gekry en één ten gunste daarvan slegs 181!

Van onderhandelinge wou sir Harry Smith egter nie hoor nie. Inteendeel! Hy het 'n prys op Pretorius se hoof gesit, en in Augustus trek hy die rivier oor om „sy kinders, die Boere," met wapengeweld gehoorsaamheid te leer. Pretorius met sowat 500 man lê hom by Boomplaas voor, en weer het dit geblyk dat die Trekkers nie teen 'n goed-toegeruste Europese militêre mag bestand was nie. Die feit dat Smith se leërtjie omtrent tweemaal so sterk as die kommando van Pretorius was, het hierby nie die deurslag gegee nie, want as ons onthou dat omtrent 'n kwart van die Engelse leërmag uit Griekwas, d.w.s. minderwaardige vegmateriaal, bestaan het, dan is dit duidelik dat die Boere nie deur getalle oorrompel is nie; maar nes by Durban moes die voorlaaier vir die kanon die veld ruim. Pretorius het sy manskappe strategies goed geplaas, in lae rantjies naby die trekpad, maar 'n paar burgers het te gou geskiet, en Smith, ingelig omtrent die posiesie van die Boere voordat sy hele leër onder die vuur van die vyand was, het sy artillerie opgebring en die een rantjie na die ander skoongeskiet. Binne 'n paar uur was die hele geveg oor en die Boerekommando op die vlug. Pretorius het na Potchefstroom teruggekeer, en Warden met sy magistrate het weer die moeilike taak, om die soewereiniteitsgebied sonder blywende militêre steun te administreer, aangepak.

## § 10. Die Afsluiting van die Trek in Transvaal.

In Natal het die Trek sy end bereik toe die hoop op selfs 'n beperkte mate van selfbestuur vir die Trekkers daar ydel geblyk het. Die klein klompie Afrikaanssprekende koloniste wat hulle grondregte gewaarborg gekry en in Natal bly woon het, moes aan die ideaal, waarmee hulle die lang tog uit die Kaapkolonie begin het, vaarwel sê. Onder die Trekkers in die binneland het dit egter voortgeleef, veral noord van die Vaalrivier, en hier het die Trek dan ook eerste sy enddoel, 'n internasionaal erkende, vrye staatswese, bereik.

Aan Pretorius kom hiervoor die grootste eer toe. Hy het in Transvaal die Trek afgesluit. Doelbewus het hy daarna gestreef om die vrugte van Potgieter se pionierswerk vir die nage-



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

slag te beveilig, en in die stryd wat as gevolg hiervan tussen die twee groot leiers ontstaan het, het die party van konstitusionele eenheid en maatskaplike orde en vastigheid, aan die spits waarvan Pretorius gestaan het, uiteindelik geseëvier. Hierdie oorwinning is egter langsaam behaal, en in die Transvaal, veel meer as in Natal en Transoranje, was die uitgang van die Trekperiode 'n geleidelike ontwikkeling, wat selfs by die dood van Pretorius in 1853 nog nie heeltemal afgeloop was nie.

Na 1848 het Pretorius se aanhang in die Transvaal, as gevolg van verdere immigrasie uit die soewereiniteitsgebied, voortdurend toegeneem. Potchefstroom was die eintlike sentrum van sy party, maar ook in Rustenburg en verder suid is hy betreklik algemeen as leier erken. Potgieter het met die meeste van sy volgelinge in Soutpansberg gewoon, maar in Ohrigstad en selfs in Rustenburg en Potchefstroom het hy ook aanhangers gehad; en die volksraad het sterk na sy kant oorgehel. In Lydenburg was die mense nie geneig om die militêre leierskap van Pretorius of Potgieter te erken nie, en ook langs die wesgrens was daar 'n sterk gevoel teen teveel militêre sentralisasie. Die toestand in die Transvaal was dus taamlik netelig en verward. In 1851 is 'n voorlopige skikking getref om die selfstandigheidsgevoel van die aparte en verspreide groepe te bevredig, en tog 'n soort van eenheid onder hulle te bewaar. Die volksraad het nl. besluit om as kommandant-generaals te erken: Potgieter vir Soutpansberg, Rustenburg en Potchefstroom; Pretorius vir Potchefstroom en Rustenburg; W. F. Joubert vir Lydenburg en J. A. Enslin vir die wesgrens. Die gesag van die volksraad oor almal het teoreties voortbestaan, en die Drie-en-dertig Artiekels was die wet van die hele land, maar daar was destyds in 'n sekere sin vier republieke in die Transvaal, want meer nog as in Natal of onder die suidelike Trekkers die geval gewees het, was die kommandostelsel die werklike grondslag van die regering, en militêre selfstandigheid het dus in die praktyk ook onafhanklikheid beteken. Soos reeds aangedui, was die vier groepe egter nie geografies duidelik afgeskei nie. Die volgelinge van Pretorius en Potgieter het vir 'n groot deel tussen mekaar in gewoon, en ons het op slot van sake hier te doen met 'n, konstitusioneel beskou, primitiewe samelewing, die lede waarvan vir militêre doeleindes onder 'n aantal erkende leiers georganiseer was, en vir die res nog nie die noodsaaklikheid van 'n meer ontwikkelde staatkundige organisasie gevoel het nie. Elke huishouding was patriargaal, en elke familiehoof was koning op sy plaas of in sy wa.

Om van hierdie onderling-verdeelde en sterk-indiwidualis-



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

tiese gemeenskap van kragtige pioniers 'n konstitusionele eenheidstaat te maak, was die strewe van Pretorius. Dit het hom nie geluk om die eenheid na binne toe te bewerkstellig nie, maar dat hy dit wel ten opsigte van die beskaafde wêreld na buite toe reggekry het, was die groot triomf van sy loopbaan in die Transvaal. Om redes en onder omstandighede, wat weldra breedvoeriger uiteengesit sal word, het die Britse regering in 1851 twee kommissarisse, Owen en Hogge, na die Soewereiniteitsgebied gestuur. Die anneksasie-politiek van sir Harry Smith is nie deur die gesagvoerders in Engeland verwelkom nie; onvoordelige ryksuitbreiding was, soos ons weet, in hierdie tyd geen deel van hulle politieke program nie; en aangesien daar alweer 'n oorlog teen die Kosas aan die gang was, en ook van Mosjes se kant groot gevaar gedreig het, was hulle eindelik nie meer onwillig om die Trekkers aan hulle lot oor te laat nie. Geen inmenging met aangeleenthede anderkant die koloniale grense, was nou hulle leuse vir Suid-Afrika. Pretorius het hom gehaas om van hierdie psigologiese moment 'n voordelige gebruik te maak. Sonder om die volksraad te raadpleeg, maar met die steun van Joubert van Lydenburg, het hy met Owen en Hogge in onderhandeling getree, en op 17 Januarie 1852 het hy by die Sandrivier met hulle 'n verdrag gesluit, wat aan die Trekkers noord van die Vaalrivier hulle onafhanklikheid van Engelse kant verseker het.

Met die Sandrivier-konvensie bereik ons weer 'n mylpaal in die geskiedenis van die Groot Trek. Wat die Transvaal betref, kan dit as sy afsluiting beskou word; en met die oog op die belangrikheid daarvan, moet ons 'n oomblik by die inhoud van hierdie verdrag stilstaan. Namens die Britse regering word aan die Trekkers anderkant die Vaalrivier gewaarborg, dat hulle toegelaat sal word om hulle eie sake te reël en hulself te regeer sonder enige inmenging van die kant van die Britse regering, wat ook van alle verbintenisse met gekleurde volke noorde van die Vaalrivier afsien („disclaim''). Verder word ooreengekom dat geen beswaar deur enige Britse gesagvoerder daarteen sal gemaak word, dat die Boere ammuniesie in enige Britse kolonie in Suid-Afrika koop nie, onder die duidelike verstandhouding egter dat die handel in ammuniesie met inboorlingstamme noord en suid van die Vaalrivier verbied sal word. Ook in ander opsigte sal die beginsel van onderlinge tegemoetkoming en hulpvaardigheid gehandhaaf word: ontvlugte misdadigers sal b.v. oor-en-weer uitgelewer word, en handelaars en reisigers sal onbelemmerde deurgang en ander fasiliteite geniet. Op die basis van gelykwaardigheid is dus hierdie verdrag ge-

L



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

sluit. Dit blyk ook uit die volgende bepaling: „Ooreengekom word dat geen slawerny in die gebied noord van die Vaalrivier bestaan nie, en dat dit ook nie in die toekoms daar sal toegelaat word nie.'' Hiermee weerspreek die twee Britse kommissarisse namens die Britse regering die beskuldiging van die filantrope, naamlik dat die Trekkers die kolonie verlaat het om die slawerny te bestendig en uit te brei.

Met die verworwe erkenning van die onafhanklikheid van Transvaal as versoenings- en verenigingsmiddel keer Pretorius na die noorde terug, en hy vind dat die manier waarop hy hierdie groot voordeel behaal het, juis daartoe bygedra het om die partygevoel te verbitter. Die Potgieter-mense en die party van die volksraad voel so seer oor die feit dat die onderhandelings omtrent die vryheid buite hulle omgegaan het, dat hulle byna onwillig was om dit te aanvaar. 'n Groot vergadering het in Rustenburg plaasgevind, en die onderlinge bitterheid is eers by die ontmoeting van die partye nog verhoog, maar die twee leiers het op 'n grootmoedige en dramatiese manier 'n end aan die wrywing gemaak. Op 16 Maart word die tent waarin Pretorius en Potgieter met mekaar onderhandel, oopgeslaan, en in die vroeë môrelig sien die vergaderde skare hulle twee voormanne hand aan hand staan met 'n oop Bybel voor hulle. Die groot versoeningsdag, waarna baie verlangend uitgekyk het, was eindelik daar. Die volksraad bekragtig ook nog dieselfde dag die Sandrivier-konvensie, en almal gaan in 'n aangename en hoopvolle stemming na hulle plase en staanplekke terug.

Die tyd van verdeeldheid was egter nog lank nie verby nie. Die partygeskille was te sterk, en die omstandighede het indiwidualisme en dwarstrekkery bevorder. Ons moet daaraan dink dat daar destyds in die hele Transvaal 'n blank pioniersbevolking van slegs 5,000 siele woonagtig was. Groepsgewyse wyd en syd versprei, was dit natuurlik dat die Transvalers hulle verset teen konstitusionele sentralisasie nie op die duur as gevolg van 'n mooi verbroederingstafereel sou laat vaar nie. Eenheid sou eers uit gemeenskaplike belange en gevare gebore word, en hulle was voorlopig nog nie in 'n hoë mate aanwesig nie.

Almal was veeboere en jagters, en op ekonomiese gebied het één groep nie die steun en samewerking van 'n ander groep nodig gehad nie. Selfs geld en handelstransaksies het weinig bindende invloed uitgeoefen, want die ruilverkeer het nog maar 'n baie onbelangrike rol in hierdie samelewing van pioniers gespeel. Hulle kon grotendeels sonder geld klaarkom.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

Elke familie of groep het in direkte ruil vir vee, velle of olifantstande negosieware, stof vir klere, ammuniesie, yster ens. van reisende handelaars gekry, en veel onderlinge samewerking was hierby nog nie nodig nie. Ekonomies het die Trekkers in 'n baie primitiewe ontwikkelingstadium verkeer, byna gelykstaande met dié van die sogenaamde jagtersvolke, maar dit wil nie sê dat hulle ook op godsdienstige en sedelik-maatskaplike gebied agteruitgegaan het nie. Hulle was juis in staat om as pioniers die kerndeugde van die Europese beskawing te behou, omdat hulle aan die hoogste beginsels van dié beskawing getrou gebly het. Hulle geleerdheid was gering; dit het hulle nie in staat gestel om literatuur te beoefen, ingewikkelde wette te maak of spekulante te wees nie; maar dit was voldoende vir hulle eenvoudige kulturele en ekonomiese behoeftes, voldoende veral om daagliks die kennis, wysheid en inspirasie van die Bybel vir hulle te ontsluit.

Ook die gevare wat voorhande was, het nog nie so 'n afmeting aangeneem, dat saamstaan as gevolg daarvan 'n dringende behoefte geword het nie. Van die Matabeles was geen bedreiging meer te vrees nie, en die verswakte Kafferstamme, wat na die vlug van Silkaats onder die beskerming van Boerewapens weer begin vry asemhaal het, was wel op die pad om hulle verlossers moeite te gee, maar nog nie sterk genoeg om baie gevaarlik te word nie. Die eerste moeilikhede het met stamme op die wesgrens ontstaan, en die rede hiervoor was dat sendelinge soos Livingstone, van wie ons nog veel sal verneem, en Ludorf, wie se naam ons dadelik weer aan die vergetelheid kan teruggee, hier werksaam was en dit hulle plig geag het om b.v. vir Montsioa, 'n Barolonghoof by die Molopo-rivier, asook die Bakwenas en Bakatlas teen die Boere in verset te bring. Die botsing was egter, vergelyk met die veldtogte teen Silkaats, van geringe betekenis, en met die steun van Pretorius het die westelike Transvalers dit betreklik maklik reggekry om vir Montsioa en die ander hoofde die les van dankbaarheid te leer.

Van veel meer belang as die hele veldtog self is vandag die feit, dat twee groot historiese figure daarby betrokke was. Die sogenaamde plundering van Livingstone se huis het die filantrope se aandag op die deel van Suid-Afrika, waarmee die Britse regering volgens die Sandrivier-konvensie hom nie verder sou inlaat nie, gevestig, en 'n groot geroep om beskerming van sendelinge en inboorlinge het weer opgegaan. Dat Livingstone hom aan 'n breuk van die genoemde Konvensie skuldig gemaak het, deur sy inboorlingvriende van vuurwapens

L2



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

te voorsien, is heftig van sendelingkant ontken, maar sy onskuld is nie bewys nie. Hoe dit ook mag gewees het, hierdie episode en die inmenging van sendelinge en filantrope in politieke aangeleenthede noord van die Vaalrivier, was voortekens van 'n stryd wat later hier sou ontbrand, die ou driehoekstryd, nl. tussen Boer, Brit en Barbaar. Maar dit was alles toekomsmusiek, en g'n welluidende nie; en toekomsmoontlikhede het ook gesluimer in die donker blitsende oë en gespierde liggaam van 'n jong veldkornet, wat hom aan die kant van die Boere deur dapperheid, oordeelkundigheid en energie onderskei het. Sy naam was Paul Kruger.

Kruger versus Livingstone! Dertig jaar later, ook op hierdie terrein, sal dit wees Kruger versus Rhodes; en by daardie tyd sal die Transvalers uit bittere nood die waarde van die leuse „Eendrag maak mag,'' leer ken het. In hierdie eerste jare egter was die nood hulle nog nie opgelê nie.

Terwyl die Wes-Transvalers met gemak hulle lokale moeilikhede met die inboorlinge oorkom het, was Potgieter met sy mense minder gelukkig teen die Bapediestam, wat in hulle oostelike bergland selfs die Matabeles somtyds getrotseer het, en daaruit nou hulle veebesittende bure met minder gevaar op weerwraak begin besteel. Sekwatie was hulle hoof, en op sy bergvesting deur Potgieter se kommando ingesluit het hy in antwoord op 'n bevel dat hy die geroofde beeste moes uitlewer, uitdagend geantwoord: „Kom vat hulle!'' Hy het die sterkte van sy posiesie geken; teen Potgieter se mag was hy veilig, solank soos sy watervoorraad hou; en toe 'n groot reent sy damme opnuut volmaak, was die Boere genoodsaak om die veldtog te staak en hom ongestraf in sy land te laat. In die ooste het dus ook dreigende wolke gehang, maar selfs hulle was nie onmiddellik so gevaarlik dat hulle die vereniging van al die Transvaalse pioniersgroepe sterk kon bevorder nie. Die land was op slot van sake so wyd en leeg, dat al die Trekkers en al die Kaffers daarin weiplek vir hulle vee kon kry, sonder om noodsaaklik 'n stryd om lewe en dood teen mekaar te begin.

Ongeveer 'n jaar na die eerste afsluiting van die moeilikhede met die inboorlingstamme langs die wesgrens en in Oos-Transvaal, verdwyn die twee leiers van die toneel. In Maart 1853 sterf Hendrik Potgieter en vier maande later Andries Pretorius. 'n Jonger geslag van Trekkersseuns moes nou ook in Transvaal die leiding oorneem, 'n rede te meer dat ons in hierdie jare die Trek as sulks ook noord van die Vaalrivier as afgeloop kan beskou.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

## § 11. Die Oorgang tot 'n Nuwe Tyd in Transoranje.

Na die slag by Boomplaas het sir Harry Smith vir majoor Warden weer in dieselfde posiesie as voorheen in die Soewereiniteitsgebied agtergelaat. Die Resident moes onder omstandighede wat 'n sterk optree vereis, orde skep en handhaaf, en hy het g'n voldoende militêre mag tot sy beskikking gehad nie. Hy was grotendeels op die steun van sy burgers aangewys, maar hy moes nog hulle vertroue wen. Sou hy daarin slaag? Daarvoor was essensieel dat sy regering ook van die staanspoor af blyke van vertroue teenoor die blank bewoners van die gebied openbaar. Wat egter ook sy eie opvatting hieromtrent mag gewees het, hy is deur 'n konstitusionele reëling van sir Harry Smith verhinder om hulle hartlike samewerking te verkry. In 1849 is 'n wetgewende raad hom bygegee, maar dit het oorweënd uit beamptes bestaan, en die feit dat 'n paar benoemde koloniste ook daarop gedien het, was nie 'n genoegsame erkenning van die beginsel van selfbestuur om mense wat aan selfstandigheid gewend geraak het, te bevredig nie. Die regering het 'n vreemde instelling gebly, en die burgers het 'n krietiese houding daarteen ingeneem. Selfs verstandige en weldadige maatreëls soos b.v. die uitdeling en registrasie van plase en die benoeming van 'n predikant vir die gebied, in die persoon van Andrew Murray, Jr., het die toestand nie veel verbeter nie. Op godsdienstige gebied het die ywerige en buitengewoon bekwame jong dominee wondere verrig, en die regering het die noodsaaklikheid ingesien om die grondregte van die Boere te verseker; maar vóór en aleer Warden daadwerklike bewys kon lewer dat hy en sy beamptes die allesoorheersende inboorlingprobleem behoorlik kon en wou aanpak, sou die burgers wantrouend bly.

Daar was baie onopgeloste moeilikhede met betrekking tot grond- en weiregte langs die grense van streke waar gekleurdes of naturelle woonagtig was, en weëns die onbestendigheid veral van die laasgenoemdes en hulle onderlinge twiste het elke maand nuwe moeilikhede opgelewer.

Uitgaande van die vaste standpunt, wat destyds as vanselfsprekend beskou is, nl. dat die inboorlinggebiede duidelik afgebaken moes word, kan ons sê dat daar twee maniere was om die naturelle en kleurlinge te behandel. Die witman kon weier om hom met hulle onderlinge twiste in te laat en hom alleen daarop toelê om te voorkom dat hulle op sy eie regte inbreuk maak. Dit was die politiek wat die Boere wou gevolg sien, en hulle sou waarskynlik vir Warden daarin gesteun het. Dit was



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

egter sy noodlot dat sir Harry Smith hom reeds deur die inhoud van die anneksasie-proklamasie die plig opgelê het om 'n ander gedragslyn teenoor die inboorlinge tussen die Vaal- en Oranjeriviere en die Drakensberge in te slaan. Hy moes as opperheer oor al die inboorlinge in die wye geannekseerde gebied in hulle geskille ingryp, en hiervoor sou hy tevergeefs die hulp van die burgers inroep.

Mosjes was die grootste bron van onluste. Noord en suid van die eintlike Basoetoeland was sy mense met sy goedkeuring besig om aangrensende stamme las te gee. Hierdie stamme het daarby ook skuld gehad, maar op slot van sake was dit die onversadigbare aansprake van die Basoetoes op die grond, wat voortdurend onrus verwek het. Warden het op 27 Augustus 1849 die hoofde in Bloemfontein bymekaar gebring om hullè verhouding met mekaar te bepaal. Mosjes wat hom nooit wou kompromitteer nie, was nie self teenwoordig nie, en het 'n paar indoenas gestuur om sy belange te behartig. Die uitloop van die vergadering was nie veelbelowend nie, want Sikonjella aan die noordoostelike Basoetoegrens het juis toe sy kans gebruik om deur 'n inval weerwraak op Mosjes te pleeg. Egter, onderlinge grense is op 'n manier vasgelê, en selfs 'n skeiding tussen Basoetoeland en die gebied van die witman is getrek, die sogenaamde Warden-lyn.

Nou was sake gereël, en die burgers kon boer en nuwe plase verwerf en laat registreer selfs in die gebied, wes van die Philippolis-reserwe, waarop Andries Waterboer van Griekwastad aanspraak gemaak het. Smith en Warden het hierdie aanspraak belaglik gevind, omdat Waterboer se mense oorgenoeg grond by Griekwastad in besit gehad het en nie oos van die Vaalrivier woonagtig was nie.

Die toestand in die streke deur blankes bewoon, was betreklik rustig, en daar was 'n kans dat dit so sou bly, mits hulle hul nie met die onderlinge aangeleenthede van die inboorlinge inlaat nie deur b.v. in te gryp in die oorlog wat intussen alweer oos van die Caledonrivier en onder die westelike hange van die Drakensberge aan die gang was; maar soos ons weet, moes Warden ook daar wet en orde handhaaf. In 1851 stuur hy 'n leërtjie onder majoor Donovan daarheen — met die noodlottigste gevolge. Donovan is by Viervoet deur die Basoetoes gestuit en moes terugval; en nou trek Mosjes se impies plunderend tot ver oor die Warden-lyn.

Die berig van hierdie neerlaag het op 'n baie ongeleë tyd vir sir Harry Smith Engeland bereik, want hy was gelyktydig



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

in 'n groot oorlog teen die Kosas gewikkel. Vir die liberale bewindvoerders was dit alles meer as teveel. Hulle was nie ongeneë om verongelykte inboorlinge te beskerm, mits dit nie veel geld kos nie, maar van 'n anneksasiepolitiek, wat koste veroorsaak en op veldtogte en neerlae teen inboorlinge uitloop, was hulle nie gedien nie. Sir Harry Smith is dus teruggeroep, en sir George Cathcart het sy plek ingeneem. Gelyktydig is die twee kommissarisse, Owen en Hogge, na die Soewereiniteitsgebied gestuur om die beste planne te beraam om die Britse verantwoordelikhede daar te verminder.

Die kommissarisse vind die toestande baie kritiek. Warden was meer magteloos as ooit tevore. Mosjes, die seëvierende vyand van die Soewereiniteitsregering, het met die Afrikaanssprekende onderdane van dié regering vrede gesluit. Hy molesteer hulle nie meer nie, en probeer om met Pretorius 'n bondgenootskap te sluit. Ook die Winburgers nooi weer die noordelike voorman uit om wet en orde in Transoranje te kom handhaaf. Onder sulke omstandighede, as gevolg van die magteloosheid van Warden, die gevolg alweer van die weiering van die Britse regering om hulle verantwoordelikhede hier te aanvaar, is dan die Sandrivier-konvensie gesluit. Onmiddellik daarna is ook die eerste stap gedaan tot die opheffing van Britse gesag in die Soewereiniteitsgebied. Cathcart het opdrag gekry om uit te vind of die „Union Jack'' daar onder die blank bevolking welkom was, en om dit vas te stel is 'n verteenwoordigende vergadering, deur volkskeuse saamgestel, in Bloemfontein gehou. In Junie 1852 begin hierdie liggaam, onder voorsitterskap van dr. Fraser, sy sittings. Fraser was die leier van die Engelsgesinde seksie, wat teen die neerhaal van die Britse vlag was; en dat hy die leiding gekry het, bewys hoe sterk sy party nog was. Ook Andrew Murray was 'n geesdriftige ondersteuner daarvan.

Teen die end van 1852 was daar nog 'n kans dat die „Lojaliste,'' ofskoon hulle nie oor 'n meerderheid in die Soewereiniteitsgebied beskik het nie, hulle sin sou kry. Dit was ook moontlik dat hulle getalle sterk sou toeneem, want sir George Cathcart, na beëindiging van die Kosaoorlog, was met 'n groot leër van 2,000 infanteriste en 500 perderuiters op pad om eindelik vir Mosjes gedug te straf, en as hy sy plan kon uitvoer, was dit vooruit te sien dat baie blankes in Transoranje, wat bo alles na rus en orde verlang het en aan die vermoë van die Engelse gesagvoerders om dit aan hulle te gee nie meer geglo het nie, met Fraser en Murray weer van die waarde van die Britse konneksie oortuig sou word. Op Maandag, 20 Desem-



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

ber 1852 met dagbreek trek Cathcart oor die Caledonrivier Basoetoeland in. Voor hom lê die Bereaberg met baie vee sigbaar daarop. Hy verdeel sy leër in drie afdelings en gee bevel dat hulle die vee moet buitmaak. Een afdeling moes oor die berg trek, en die ander twee aan weerskante verby. Dit was alles soos Mosjes dit wou hê. Die vee was lokaas, en Cathcart het, sonder om te vermoed dat sy opponent met buitengewone strategiese skerpsinnigheid die vegterrein gekies en sy planne daarna ingerig het, in die val geloop. Op die berg het 6,000 Basoetoe-perderuiters klaar gestaan. Hulle was met gewere gewapen, en hulle ponies kon in galop gaan, waar Cathcart se voetvolk moes hyg en klouter. Op verskillende punte het die Basoetoes onverwagte en blitssnelle aanvalle met groot sukses uitgevoer, en die endresultaat was dat Cathcart, toe hy die aand sy vermoeide afdelings weer bymekaar had, tot 'n terugtog moes besluit. Hy het 'n neerlaag gely.

En nou vertoon Mosjes, wat as strateeg sy meerderwaardigheid bewys het, hom ook as 'n diplomaat van merkwaardige bekwaamheid. Hy het wel Franse sendelinge by hom gehad om hom raad te gee, maar die brief wat hy dié nag aan Cathcart gestuur het, was die produk van sy eie brein en is deur sy seun, Nehemiah, volgens sy diktaat geskrywe. Dit lees as volg:

„Thaba Bosigo,
Midnight,
20th December, 1852.

Your Excellency, — This day you have fought against my people, and taken much cattle. As the object for which you have come is to have compensation for the boers, I beg you will be satisfied with what you have taken. I entreat peace from you, — you have shown your power, you have chastised, — let it be enough, I pray you; and let me be no longer considered an enemy to the queen. I will try all I can to keep my people in order in the future.

Your humble servant,
Moshesh.''

Tevore reeds het hy 'n vyand, wat verslaan was, maar nog gevaarlik kon word, met vriendelikheid weggehelp. Die Matabeles het padkos gekry. Vir Cathcart bied hy die geleentheid aan om terug te trek, sonder om voor die Britse regering 'n te slegte figuur te slaan. Hy bou vir hom 'n brug van eer Kaap-toe, en die goewerneur was die volgende oggend met skemerlig reeds daarheen op pad. Onbeskryflik was egter nou die



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

toestand in Transoranje. Mosjes het daar nie as 'n deemoedige, gekastyde opgetree nie; sy iempies het getrek waar hulle wou; en boodskappers het die roem van sy oorwinning wyd en syd verkondig — tot ver in Transvaal. Dit was juis hierdie berigte, wat die noordelike Basoetoes, die ras- en taalverwante Bapedie en Sekwatie, in hulle brutale houding teenoor Potgieter versterk het. Viervoet het reeds bewys dat die witman nie onoorwinlik was nie, en Bereaberg het sy onmag nog helderder aan die lig gebring.

Cathcart se neerlaag het die hoopvolle pogings van die Lojaliste in die Soewereiniteitsgebied finaal verydel. Die Britse regering het nou nie meer getalm nie. In Augustus 1853 verskyn 'n nuwe kommissaris, sir George Russell Clerk, in Bloemfontein met 'n duideliker opdrag as wat sy voorgangers gehad het. Aan 'n vergadering van gekose volksverteenwoordigers deel hy mee dat hy instruksies van Haar Majesteit se regering het „to direct them to prepare themselves for undertaking the Government of the territory.'' Fraser en sy party het nog teengehou, maar Clerk kon hulle selfs geen simpatie betoon nie, want hulle wou verhinder wat hy moes uitvoer, en ons tref eindelik die eienaardige skouspel aan, dat die gesant van die Britse regering die aanhangers van die Republikeinse meerderheidsparty sy „welldisposed friends'' noem, terwyl hy die Lojaliste met die skeldnaam „Obstructionists,'' bestempel. Tot so 'n diepte van selfvernedering het die Britse gesagvoerders in hulle behandeling van die Trekkers gedaal; want ons moet onthou dat daar agter hierdie terugtog geen idealistiese grootmoedigheid geskuil het nie. Tot verskoning en verduideliking van die Britse politiek in hierdie tyd moet egter met nadruk daaraan herinner word, dat die Krimoorlog destyds op hande was; maar dit bly ook waar dat die agtervolging van die Trekkers in die binneland gestaak is, nie omdat hulle reg op selfregering en vryheid eindelik prinsipieel erken is nie, maar omdat die koste en verantwoordelikhede, aan die agtervolgingspolitiek verbind, te groot geword het, en die tydstip wat gekies is om die Britse vlag in Bloemfontein neer te haal, strek die mense wat daarvoor verantwoordelik was nie tot eer nie. Selfs die republikeine het nie gevoel dat hulle vir die vryheid, wat nou byna op hulle geforseer moes word, dank verskuldig was nie, want dit was te duidelik dat Clerk se hoofopdrag was om so gou soos moontlik los te kom van moeilike verwikkelings met die inboorlinge, wat grotendeels deur die onverstandige politiek van Britse gesagvoerders soos Smith en Cathcart veroorsaak was, en die onderhandelings is juis uitgerek, omdat daar



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

in die Soewereiniteitsgebied 'n baie sterk gevoel heersende was, dat Engeland eers iets moes doen om veral die Basoetoekwessie minder kritiek te maak. Clerk het dan ook uiteindelik onderneem om Mosjes tot die erkenning van 'n grenslyn te beweeg en om ook sy aandag aan die netelige vraagstuk van Boeregrondregte in die Philippolis-area te skenk, en onder hierdie voorbehoud het op 23 Februarie 1854 die Bloemfontein-konvensie tot stand gekom.

Hierdie verdrag kom in baie opsigte met die Sandrivierse ooreen. Die onafhanklikheid van die bewoners van die Soewereiniteitsgebied word erken, en die Britse regering onderneem om hom nie met hulle sake in te laat nie. Hy verklaar dat hy geen verbintenis met enige ander inboorlinghoof as Adam Kok noord van die Oranjerivier het nie, en nie die wens of bedoeling koester om later verdrae te sluit wat tot nadeel van die „Oranjerivier-regering'' kan strek nie. Verder onderneem die Britse regering om die verdrag met Adam Kok so te wysig dat die Boere in staat sal wees om nie alleen plase in sy reserwe te koop nie, (die Griekwas was maar al te begerig om geld vir plase in ontvangs te neem) maar om ook sulke plase as hulle eiendom geregistreer te kry. Op dieselfde grondslag van gelykwaardigheid en wederkerigheid as twee jaar tevore by Sandrivier, word dan nog vir onbelemmerde onderlinge verkeer en die uitlewering van misdadigers voorsiening gemaak en word bepaal dat die Boere in enige Suid-Afrikaanse Britse kolonie ammuniesie mag koop. Van groot betekenis is eindelik ook die volgende twee verklarings: „Die Oranjerivier-regering sal, soos totnogtoe die geval was, slawerny en slawehandel in die gebied noord van die Oranjerivier verbied,'' en „Haar Majesteit se Spesiale Kommissaris sal by die koloniale regering aanbeveel om voorregte aan die regering van die Oranjeriviergebied te skenk, onder die oortuiging dat die genoemde gebied weëns sy ligging ten opsigte van seehawens op sulke voorregte 'n billike aanspraak het.''

Verskillende beloftes en verklarings wat byna vir beloftes kan geld, is dus in hierdie verdrag opgeneem: die belofte van non-intervensie; die verklaring van neutraliteit ten opsigte van inboorlinghoofde noord van die Oranjerivier, Adam Kok uitgesonderd; die belofte om die grondkwessie by Philippolis op 'n bevredigende basis vir die Boere te reël; die belofte van onbelemmerde ammuniesie-aankoop; die erkenning dat die Boere geen slawerny onder hulle geduld het nie; en eindelik die erkenning dat Transoranje op gunstige behandeling, wat betref invoerregte op artiekels vir hom bedoel, aanspraak het. Eén



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

belangrike verklaring is nie gemaak nie, nl. aangaande die grense van die nuwe internasionale staat, maar almal het verstaan dat dit na die noorde, weste en suide deur die Vaal- en Oranjeriviere afgebaken was. Die oostelike en suidoostelike grenslyn sou natuurlik nog van Clerk se onderhandelings met Mosjes afhang. In verband met die nakom van hierdie verpligtings het Clerk 'n swak begin gemaak. Die dringende Basoetoe- en Griekwa-kwessies is onopgelos gelaat, en as gevolg hiervan, maar ook van die moeilike omstandighede self, het die Oranje-Vrystaat, soos ons sal sien, jare van troebele geërf.

Die Afrikaner is in sy wese prakties en byna prosaïes. Hy kan moeilik tot opwellings van blakende geesdrif gevoer word. Tussen hom en sy Germaanse voorganger van die sewentiende eeu is daar nog altyd 'n enge geestelike verwantskap. Die *Furor Germanicus,* waarvoor die Romeine gesidder het, kon hom somtyds pak, veral, ongelukkig, as hy vir 'n ander Afrikaner kwaad is; maar uit blydskap en dankbaarheid raak hy nie maklik in ekstase nie. So was b.v. baie Transvalers in 1852 vuurwarm van opgewondenheid in hulle teenkanting teen Pretorius en sy aanhang, maar selfs Pretorius se eie mense het die onafhanklikheid wat hy vir hulle gebring het, kalm aanvaar. Ook van die Vrystaters hoor ons nie dat hulle in 1854 die erkenning van hulle onafhanklikheid met geesdrif gevier het nie, en vryheidsgedenktekens het hulle nie opgerig nie. By hulle rustige oorname van die pligte en verantwoordelikhede van die vryheid, het hulle egter één monument, wat meer waarde as die pronkstuk van 'n argitek het, tot stand gebring. Hulle het 'n grondwet opgestel, wat 'n waardige afsluiting van die konstitusionele geskiedenis van die suidelike Trekkers vorm, en tewens ook die beste bewys lewer dat hulle slegs op gunstige omstandighede gewag het, om te toon dat hulle wel deeglik in staat was om 'n uitstekend-georganiseerde staat te skep.

Vergelyk met die Transvalers, was die omstandighede in 1854 vir die Vrystaters werklik in baie opsigte gunstig. Die mislukking van die Soewereiniteitsregering en 'n groot gemeenskaplike gevaar, die Basoetoes, het hulle verenig, en daar was geen uitstaande leiers van faksies om verdeeldhede te bestendig nie. Dis dus begryplik dat die Vrystaters op konstitusionele gebied die leiding onder die Trekkers geneem het, en hulle staat op 'n grondwet kon baseer wat in alle opsigte aan die vereistes van 'n beskaafde samelewing voldoen het.

Hierdie „Constitutie van den Oranjevrijstaat,'' wat in 1854 reeds sy blywende grondslag gekry het, is op 'n duidelike verdeling van regeringsmagte gebaseer, en herinner ons in hierdie



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

opsig aan die grondwet van die Verenigde State van Noord-Amerika, maar vir die res is dit nie alleen veel eenvoudiger nie, maar ook geensins 'n slaafse navolging van buitelandse konstitusionele voorbeelde nie. Dis vir die Vrystaters gemaak en het hulle presies gegee wat hulle nodig had. Eers word bepaal wie staatsburgers is, nl. alle blanke persone in die staat gebore, of drie agtereenvolgende jare daarin woonagtig, en daarop volg besonderhede aangaande hulle reg om lede vir die volksraad te kies, by wie die hoogste wetgewende gesag in die staat berus. Dan word vasgelê dat 'n president, deur die stemgeregtigde burgers vir vyf jaar gekies, die hoof van die uitvoerende gesag sal wees. Hy het groot administratiewe magte, veral wat die aanstelling van beamptes betref, en kan selfs op die wetgewing invloed uitoefen en opstel. Hy het egter geen stem in die volksraad nie, en neem ook nie die voorsitterstoel daar in nie. Drie lede deur die volksraad benoem, dien op sy uitvoerende komitee. Sonder hulle steun kan hy geen belangrike stappe doen nie. Hulle beperk dus sy mag enigsins, sonder dat die uitvoerende bewind daardeur vertraag word; en hulle vorm die skakel tussen wetgewing en administrasie; wat in die Engelse konstitusionele stelsel deur verantwoordelike ministers verteenwoordig word. Hulle tree egter nie soos kabinetsministers as hoofde van staatsdepartemente op nie, want die Vrystaatse departementele hoofde was almal beamptes en het direk onder die president gestaan. Die derde regeringsmag, nl. die regterlike, is aan geregshowe toevertrou, en dis interessant om te vind dat die judiestelsel vir kriminele sake ook dadelik hier ingevoer is. Dat die Hollands-Romeinse Reg die basis van die regspraak sou wees, was natuurlik vanselfsprekend. In die begin het alle sake voor landdroste, wat ook administratiewe beamptes was, gedien; hulle kan met ons magistrate en siviele kommissarisse, wat ook 'n tweeledige funksie het, vergelyk word; maar later is die behoefte aan beter opgeleide en meer onafhanklike hoofde van geregshowe gevoel en is ook regters en 'n hoë geregshof aangestel. Aan hierdie hoë geregshof is in 1885, volgens Amerikaanse voorbeeld, die bevoegdheid gegee om wette, wat in botsing met die bepalings van die grondwet was, kragteloos te verklaar. Dis 'n bevoegdheid wat 'n hoë geregshof in die Engelse konstitusionele stelsel nie besit nie en wat alleen aangetref word, waar 'n geskrewe konstitusie die mag van 'n volksraad in sekere rigtings beperk. In Groot-Brittanje is die mag van die parlement onbeperk. In die Unie vandag, soos ons nog sal sien, staan ons in hierdie opsig halfpad tussen die Amerikaanse en Engelse stelsels. Die Vrystaatse volksraad kon wel die grondwet self ver-



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

ander en 'n wet, wat anders ultra vires kon wees, van krag maak, maar hiervoor was 'n meerderheid van drie-derdes in twee agtereenvolgende jaarlikse sittings nodig. Veranderings in die grondwet kon derhalwe baie beswaarlik gemaak word. Ons het hier dus 'n stabiele regeringsvorm. Naas stabiel was dit ook billik en humaan. Hiervan getuig bepalings soos die volgende: Die reg van die onderdane op persoonlike vryheid en om in woord, skrif en druk hulle mening uit te spreek word, solank hulle binne die bepalings van die geldende wette bly, gewaarborg, en almal word voor die wet gelykgestel. Ons het hier weliswaar slegs naklanke van ou geykte vryheidsbeginsels, maar ons moet onthou dat hulle teen die middel van die neëntiende eeu nog nie in alle beskaafde lande praktiese erkenning verwerf het nie. In die Verenigde State van Noord-Amerika het toe nog slawerny geheers, en in groot dele van Europa was daar destyds heelwat minder demokratiese vryheid as in die Oranje-Vrystaat.

Die militêre stelsel word ook in die grondwet behandel, maar die bekende toestand word feitlik net duideliker omskryf. Die veldkornette moet registers hou van alle burgers oor die sestien jaar, in hulle wyke woonagtig, en al sulke burgers bly tot hulle sestigste jaar aan militêre diens onderhewe. Die veldkornette word deur die dienspligtige burgers gekies en tree ook as vrederegters en ondergeskikte administratiewe beamptes op. Oor hulle word in elke distrik 'n kommandant aangestel, alweer volgens die keuse van die burgers van die distrik. In vredestyd is daar geen kommandant-generaal nie, maar as oorlog uitbreek, kies die kommandante en veldkornette 'n persoon uit hulle midde om hierdie belangrike betrekking te vul. By die herstel van die vrede verval sy amp egter weer outomaties. 'n Meer demokratiese militêre stelsel is moeilik denkbaar. Uit die standpunt van vandag is sy opvallendste swakheid die gebrek aan 'n blywende, sentrale, vakkundige organisasie; maar vir sy tyd en besondere omstandighede was die stelsel doeltreffend genoeg. Selfs die Basoetoes, soos ons nog sal sien, is uiteindelik daaronder op hulle knieë gebring. Een groot voordeel daarvan was die feit, dat dit die bestendiging van die invloed van 'n groot militêre leier, nadat 'n oorlog verby was, teengewerk het.

## § 12. Die Transvaalse Grondwet.

Die Oranje-Vrystaat was van die begin af 'n antimilitaristiese eenheidstaat. Van die Transvaal, soos ons reeds gesien



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

het, kan dit nie gesê word nie, en die inhoud van sy eerste grondwet, wat hier vir vergelykingsdoeleindes aan die orde kom, tesame met die omstandighede van sy invoering, verduidelik ook die verskil tussen die twee politieke gemeenskappe noord en suid van die Vaalrivier.

Na die dood van Andries Pretorius en Hendrik Potgieter in 1853 het die partyverdelings onder Marthinus Wessels Pretorius en Piet Potgieter, wat die kommandant-generaalskap in hulle respektiewe distrikte, 'n mens kan byna sê, geërf het, sterk bly voortbestaan. By die gebrek aan 'n blywende sentrale regeringsorgaan kon die volksraad nie veel daartoe bydra om die verdeeldheid te verminder nie; en ongelukkig het 'n ernstige kerklike stryd juis in hierdie jare nog meer onderlinge verbittering veroorsaak. Die Kaapse Sinode het die predikante, Louw en Neethling, gestuur om die Transvalers, wat na 1852 nie meer „rebelle'' was nie, onder die vleuels van die ou moederkerk te vergader, maar die tyd daarvoor was nie meer gunstig nie. In elke distrik was in die tussentyd 'n gemeente gestig, en ds. Van der Hoff, wat uit Holland gekom het om sy stam-, taal- en geloofsgenote in die Transvaal geestelik te bearbei, was nie bereid om hulle kerklike belange aan die Kaapse Sinode toe te vertrou en van sy leierskap afstand te doen nie. Op 'n groot vergadering het Van der Hoff se party die oorwinning behaal en die onafhanklikheid van die Transvaalse Kerk gehandhaaf, maar die kerklike verdeeldheid is hiermee nie verwyder nie. Tekens van 'n eenheidsdrang, van 'n gevoel onder die Transvalers dat hulle op slot van sake tog aanmekaar geheg was, het natuurlik nie heeltemal ontbreek nie. Kragtig het b.v. die broederlike gees hom openbaar, toe M. W. Pretorius met 'n kommando sy noordelike wapenbroer gaan help het om Makapan, die verraderlike Waterbergse kaptein, te straf.

Makapan het nl. in 1854 twaalf Boerejagters vermoor. Onder hulle was Hermanus Potgieter, 'n broer van Hendrik Potgieter. Bekend is hoe die twee kommandant-generaals Makapan se volk in 'n grot, wat die hoof se vesting was, vasgekeer het, hoe Piet Potgieter daar gesneuwel het, hoe sy lyk deur Paul Kruger onder die vuur van die Kaffers weggehaal is, en hoe Makapan se stam byna totaal uitgeroei is. Om en by die drieduisend lyke is in en vóór die grot agtergelaat.

Die grootste faktor in die rigting van 'n eenheidstaat was nog altyd die houding van die Pretorius-party. Marthinus Wessel Pretorius het die ideaal van sy vader tot die mikpunt ook van sy eie strewe gemaak, en sy invloed het toegeneem. Die dood van Piet Potgieter en die benoeming van Stefanus Schoe-



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

man tot noordelike kommandant-generaal het sy posiesie versterk. Schoeman was, wat aanhang en persoonlikheid betref, nie met M. W. Pretorius vergelykbaar nie, en laasgenoemde het deur sy energie meer en meer sy posiesie versterk. Die feit dat die Vrystaat sedert 1854 onder 'n deeglike konstitusie was, het hom 'n pragtige geleentheid gegee om met al sy mag vir konstitusionele verbetering in die Transvaal te ywer, en in 1855 het die volksraad op sy voorstel 'n komitee benoem om 'n grondwet te ontwerp. Paul Kruger was 'n lid daarvan, en die benoeming van Jacobus Stuart, 'n geleerde Hollander, tot sekretaris, het ook veel daartoe bygedra om die komitee se werk met sukses te bekroon. Sy juriediese kennis was daarby onontbeerlik, en hy het die ontwerp in 'n behoorlike vorm opgestel.

In 1856 het M. W. Pretorius in Potchefstroom, Rustenburg en die nuwe distrik, Pretoria, vergaderings gehou om die voorstelle van die komitee te verduidelik, en op 16 Desember van daardie jaar het 'n groot verteenwoordigende byeenkoms in Potchefstroom hulle verder begin oorweeg. Die uitslag was dat die vergaderde volksverteenwoordigers die grondwet bekragtig, en vir M. W. Pretorius tot president en vir Stefanus Potgieter tot algemene kommandant-generaal benoem het. Hiermee was die saak egter nie afgedaan nie. Schoeman en sy Soutpansbergers was nie bereid om die gesag van Pretorius te erken nie, en die Lydenburgers onder Joubert het hulle formeel van die nuwe „Suid-Afrikaanse Republiek'' afgeskei.

Pretorius het hom onder die moeilike omstandighede nie besonder verstandig gedra nie. Op die ou spoor van sy vader het hy na Bloemfontein gegaan, want hy wou die Vrystaters onder die nuwe vlag, die Vierkleur, wat die Potchefstroomse vergadering ook bekragtig het, inbring; en toe hy vind dat hulle juis hulle eie vlag van koning Willem III van Nederland gekry het, en baie tevrede met hulle eie staatstigting was, het hy 'n kommando uit die Transvaal laat kom om sy uitbreidingspolitiek te bevorder. Dit het min geskeel of daar het oorlog uitgebreek, want Boshof, die Vrystaatse president, het ook sy burgers opgeroep, en Schoeman het hom die steun van die Soutpansbergers aangebied. Tussen sewe en aghonderd Vrystaters onder kommandant-generaal Senekal het by die Renosterrivier klaar gestaan om vir Pretorius, wat oor skaars driehonderd man beskik het, oor die Vaalrivier terug te stoot. Gelukkig is die skande en treurigheid, wat uit 'n vyandelike botsing sou gevloei het, tog nog voorkom, en die man wat as bemiddelaar veel daartoe bygedra het om dit te bewerkstellig was alweer Paul Kruger, destyds 'n kommandant onder Pretorius.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

By die groot versoening langs die Renosterrivier is ooreengekom dat Pretorius se handelwyse ten opsigte van die Vrystaat onwettig en laakbaar was, en dat die twee susterrepublieke voortaan mekaar se onafhanklikheid sou respekteer. Boshof het ook onderneem om sy invloed by Schoeman van Soutpansberg en Joubert van Lydenburg te gebruik om hulle verset teen Pretorius te staak, en in 1858 het die Soutpansbergers die Potchefstroomse grondwet aanvaar. 'n Jaar later volg ook die Lydenburgers, en op 4 April 1860 het 'n groot verenigde volksraad, wat onder die nuwe konstitusie saamgestel was en die algemene erkenning geniet het, in Pretoria vergader, Innerlike verdeeldhede het wel nog voortgeduur, maar die Transvaal het eindelik ook 'n deeglik-uitgewerkte en moderne regeringsvorm gehad.

In die grondwet van 1858, soos dit gewoonlik genoem word, word eers bepaal dat die nuwe staat die Suid-Afrikaanse Republiek sal heet. Hierdie wye benaming was 'n oorblyfsel van die Pretorius-ideaal, en het van die staanspoor af 'n kleur aan hierdie noordelike staatkundige skepping gegee, wat die Vrystaat nooit gehad het nie. In die Transvaal het die gedagte van 'n groot omvattende Suid-Afrikaanse republiek voortgeleef, en die drang na uitbreiding wat ons hier sal aantref, moet gedeeltelik daaraan toegeskryf word. Opvallend is dan verder in die inleidende bepalings die beklemtoning van die beginsel van volksoewereiniteit. „Het volk laat de uitbreiding van het Evangelium toe onder de heidenen, onder bepaalde voorzorgen tegen gebrek of misleiding. Het volk wil geene gelykstelling van gekleurden met blanke ingezetenen toestaan. Het volk wil geen slavenhandel noch slaverny in deze Republiek dulden."

Altyd is dit in die laaste instansie die wil van die volk wat in die staat tot uiting moet kom. Selfs die drie groot regeringsmagte, ofskoon toevertrou aan afsonderlike staatsorgane, berus uiteindelik nog by die volk. Hieromtrent lees ons: „Het volk geeft de wetgeving in handen van eenen volksraad, het hoogste gezag des lands, bestaande uit vertegenwoordigers of lasthebbers des volks, door de stemgerechtigde burgers gekozen; doch alleen voor zoo verre, dat aan het volk drie maanden tijds zal gelaten zijn om over eene voorgestelde wet zijn oordeel aan den volksraad desverkiezende te kunnen inleveren. Het volk draagt de voorstelling en uitvoering der wetten op aan eenen uitvoerenden raad, welke tevens de voordragt van alle landsambtenaren aan den volksraad doet. Het volk stelt de regterlijke magt in handen van landdrosten en gezworenen



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

(jurie-stelsel), en laat die aan hun oordeel en geweten over om volgens landswetten te handelen.''

In die Vrystaatse grondwet vind ons nie dat die fundamentele mag van die volk beklemtoon word nie, en dis geen toeval dat dit wel die geval in die Transvaal was nie. Dis die uitgesproke indiwidualistiese Trekker van die noorde wat hier sy soewereine mag handhaaf.

Ons let op dat daar by die magsverdeling geen melding van 'n president gemaak word nie. Ook hierdie verswyging was opsetlik, en daaragter skuil alweer die oordrewe vrees van die Transvaler vir konstitusionele outokrasie. Eers in 1889 is bepaal dat die uitvoerende gesag by die president berus. Volgens die grondwet van 1858 was hy slegs voorsitter van die uitvoerende raad, wat as liggaam met die uitvoerende gesag beklee was; maar hy besit tog reeds buitengewone bevoegdhede en 'n hoë status onder die reëling van 1858. Hy word deur die stemgeregtigde burgers vir 'n ampstyd van vyf jaar gekies en is dus die uitverkose volksleier, wat as sulks selfs teenoor die volksraad 'n sterk houding kan inneem. Buitendien is hy ook reeds „de eerste of hoogste ambtenaar van den staat,'' aan wie al die ander amptenare, uitgesonderd die regters, ondergeskik is; hy maak die aanstellings in die staatsdiens, onderworpe aan latere bekragtiging deur die volksraad, berei wetsontwerpe en belastingvoorstelle voor, en tree in die algemeen as verantwoordelike staatshoof op. Die belangrike leemte, waaraan die Natalse grondwet mank gegaan het, is dus ook in die Transvaal behoorlik aangevul.

Alle meerderjarige burgers besit volgens die bepalings van 1858 die kiesreg, en dis destyds nie nodig geag om noukeuriger uiteen te sit wie as burgers kon beskou word nie. In 1876 moes egter reeds tussen die oorspronklike Trekkers en hulle kinders aan die een en latere inkomelinge aan die ander kant onderskei word; maar ook toe nog was dit baie maklik vir 'n vreemdeling om die Transvaalse burgerskap te verwerf. Hy moes meerderjarig wees, een jaar in die staat gewoon het en 'n eed van getrouheid aan die republiek aflê. In die eerste Suid-Afrikaanse Republiek, vóór die anneksasie van 1877, was daar geen Uitlanderkwessie nie.

Die staat wat onder die grondwet van 1858 noord van die Vaalrivier 'n vaste konstitusionele basis gekry het, was in breë trekke soortgelyk aan die Oranje-Vrystaat, en ons sal die punte van ooreenkoms nie verder behandel nie. Op 'n paar belangrike verskille wil ons egter nog wys. Die kleurlyn is in die Transvaal baie skerp getrek. Ons lees b.v.: „Geen gekleurden



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

noch bastaarden zullen toegelaten worden in onze vergaderingen"; en verder: „De Geregtshoven zullen bij de bepaling der straffen in het oog houden, dat daar dezelfde straf voor den een ligter of zwaarder kan zijn dan voor den ander, het de bedoeling van den wetgever is om een ieder wegens gelijke schending van wet ook even zwaar te bestraffen, en dat mitsdien de straffen dienovereenkomstig bepaald moeten worden."

Dus, 'n Kaffer wat 'n bees steel en slag, kan 'n paar jaar tronkstraf kry, en 'n blanke wat £1,000 verduister, kan met 'n paar maande daarvan afkom. Hierdie beginsel is, moontlik tereg, ook in ander dele van Suid-Afrika in die praktyk gehandhaaf geword, maar alleen die Transvaal het dit in sy grondwet opgeneem. Hier ook is dit die noordelike pionier wat praat, en ons kan sy standpunt verstaan. Hy het op die voorpunt van die opmars van die blanke beskawing teen die inboorlinggevaar gestaan, en hy wou die versekering hê dat sy oppergesag oor die kleurling ook in die regspraak beklemtoon sou word.

In één opsig was die Transvaal minder demokraties as die Vrystaat. Die strawwer militêre organisasie wat in die noorde onontbeerlik geag is, het dit meegebring. Die veldkornette en kommandante is nes in die Vrystaat deur die burgers van die wyke en distrikte respektieflik gekies, maar, hier lê die groot verskil, die kommandant-generaal was 'n veel belangriker persoon as sy kollega in die Vrystaat. Hy word, net soos die president, deur die burgers van die republiek gekies, en hy behou sy amp ook in vredestyd. Hy kry verder die bevoegdheid om 'n groot invloed op die regering uit te oefen, want hy is lid van die uitvoerende komitee. Vandaar dat die militêre volksleier in die Transvaal byna as 'n gelykwaardige naas die president gestaan het. By tye was hy die aanvoerder van die opposiesieparty teen die president. Paul Kruger het b.v. as kommandant-generaal vir president Burgers die wêreld somtyds lastig gemaak, en in die jare van Kruger se presidentskap het hy op sy beurt dieselfde van kommandant-generaal Piet Joubert ondervind.

Ons het dus in die Suid-Afrikaanse Republiek 'n baie interessante stigting. Van die een kant besien, berus dit op 'n uitgesproke demokratiese grondslag; die gesag van die volk word beklemtoon, elke burger voel dat die soewereine mag nog onverdeeld in sy hand is, en hy onderwerp hom nie maklik aan wette en volksraadsbesluite, waarmee hy nie akkoord gaan nie; maar aan die ander kant word die Trekkerstradiesies van groot partyleiers, wat deur hulle ondersteuners met Germaanse „hou en trou" gevolg word, bestendig. In sy vorm was die Transvaal 'n moderne republiek, nes die Vrystaat, van die Ameri-



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

kaanse tiepe, maar in sy wese het dit nooit heeltemal modern geword nie. Iets van die patriargale volgelingskap en Germaanse indiwidualisme en militarisme van die Trekkerstyd het daarin oorgebly. Buitengewoon dramaties sal dit dan onvermydelik word, wanneer so 'n staat, wat verder soos ons reeds gesien het, ekonomies na die pastoral jagterstadium teruggekeer en kultureel op Ou-Testamentiese grondslag gestaan het, vir 'n Johannesburg in sy staatkundige, ekonomiese en kulturele lewe 'n plek moes vind.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

## HOOFSTUK VII.

## VERDERE UITWERKING VAN DIE BRITSE LIBERALISME OP DIE KAAPKOLONIE.

### § 1. Naturelle-politiek.

Ons nader nou langsamerhand 'n tyd, waarin die liberalisme, wat vir meer as 'n geslag in Brittanje en baie ander Europese lande deurslaggewende invloed uitgeoefen het, deur 'n nuwe imperialistiese rigting opsy sal geskuif word; maar vóór ons aan hierdie baie belangrike ontwikkeling en sy uitwerking op Suid-Afrika ons aandag kan skenk, moet ons nog nagaan wat in die tussentyd in die Kaapkolonie gebeur het.

Ons het gesien hoe in Europa uit die romantiek van die gees gebore is 'n idealistiese strewe wat twee bewegings, 'n nasionale en 'n liberale, in homself verenig het; en ons het so ewe opgelet dat in Suid-Afrika die Groot Trek, wat ons die romantiek van die daad dan noem, ook nasionalisme en liberalisme bevorder en tot die stigting van demokratiese republieke in die binneland gelei het. Van romantiek, geestelike of daadwerkelike, was daar in hierdie tyd in die Kaapkolonie nie veel tekens nie, en van nasionalisme nog minder, maar die liberalisme het voortgegaan om blywende spore op die ontwikkeling van die Britse geweste in Suid-Afrika af te druk. Ook wat naturelle-aangeleenthede betref, was dit die geval, ofskoon ons gewaarsku moet word, dat die Britse liberale, lank vóór die uïtgang van hulle oorheersingstydperk, nie meer aan die verstandigheid van dr. Philip se oordrewe filantropiese politiek geglo het nie. Nog voor die middel van die eeu was sy invloed as polietikus vrywel op 'n end. Die oortuiging deur Barrow versprei en deur Philip beklemtoon, nl. dat die Boere die naturelle onderdruk en dat dit die hoë roeping van Engeland was om in Suid-Afrika die verongelykte gekleurde rasse te beskerm, het wel onder die Britse publiek voortgeleef, en dit sou nog altyd moontlik bly vir polietisie om van hierdie argument met groot sukses gebruik te maak; maar die geloof aan die natuurlike regskapenheid van die naturelle het onder die Britse



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

regeringskringe nie meer veel invloed uitgeoefen nie. Prinsipieel was die liberale bewindvoerders wel teen Kafferoorloë, omdat dit hulle geld gekos het (vandaar die Verdragstaatstelsel as besuinigingsmaatreël), maar hulle naturellepolitiek, ofskoon uiters verdraagsaam, was nie altyd swak nie. Veral die Kosas het dit ontdek.

Ons het reeds verneem dat sir George Napier, die opvolger van sir Benjamin D'Urban in 1838, na sy besoek aan die oosgrens, met Stockenström se bewind weinig ingenome was, en hoe Glenelg se trawant hier van die toneel verdwyn het. Napier het gesien dat die aggressiewe houding van die Kaffers die grensboere benadeel, en hy het die hoofde gewaarsku dat as daar nie verbetering kom nie, hy op die weerwraakstelsel van Somerset sou terugval. In 1839 voer hy reeds sy dreigement uit en stuur 'n strafekspediesie Kafferland in. Veel vee is gebuit, en die boere kon enigsins hulle verliese vergoed. Die toestand het egter nie verbeter nie. Inteendeel, met Sandielie se besnydenis in 1840 is die jong Kaffers aangemoedig om hulle manlikheid te toon deur koloniale beeste te gaan haal, en verdere strafekspediesies het nodig geword.

Sir Peregrine Maitland (1844—1847) is formeel deur Sandielie uitgedaag. In Januarie 1846 het hy die winkel van 'n blank handelaar by die Tjoemierivier laat oopbreek en artiekels daaruit vir homself met geweld toegeëien. Vergoeding is van hom geëis, en sy antwoord was: „Laat die goewerneur self kom terugvat wat hy kan; my soldate is klaar.''

Hierdie brutale houding van 'n hoof, wat onder die verdragstelsel nogal veronderstel was 'n welwillende bondgenoot van Engeland te wees, kon die Kaapse regering nie op die duur verkrop nie, en in Maart 1846 het Sandielie so ver gegaan, dat 'n breuk onvermydelik geword het. 'n Kaffer, wat by Fort-Beaufort 'n byl gesteel het, is gearresteer en vasgeboei aan 'n Hottentotmisdadiger na Grahamstad gestuur. By die Katrivier het Sandielie se mense die begeleidende poliesiemag oorval en hulle geboeide maat in vryheid gestel. Dat hulle dit hierby nodig geag het om die arm van die Hottentot af te kap, om die bylsteler van hom los te kry, en dat die oorval dus op 'n moord uitgeloop het, was nie iets waaroor hulle hul bekommer het nie, want hulle het geweet dat hulle op Sandielie se beskerming kon staatmaak. Dit was ook so. Hy het geweier om die moordenaars uit te lewer. Oorlog met die Witman was juis wat hy wou hê.

Hierdie sogenaamde Byloorlog, die direkte gevolg van Glenelg se grensreëling, was 'n baie ernstige botsing en het bui-



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

tengewoon lank geduur. Soos gewoonlik was die begin noodlottig vir die blankes. Kolonel Somerset, die grenskommandant, het 'n groot neerlaag by Burnhill gely, en sestig waens is deur die Kaffers buitgemaak. Daarna het hulle weer die Kolonie ingestroom en baie skade aangerig. Maitland was egter weldra op die grens met 'n groot troepemag. Hy het 3,000 Engelse soldate en 8,500 burgers onder die wapens gehad,, en die ou skoonmaakproses kon weer 'n aanvang neem. Stockenström het hom in hierdie oorlog gerehabiliteer. Hy is tot kommandant-generaal van die burgerkommando's aangestel, en die 5,500 man wat onder sy bevel met die Engelse soldate aan die offensief teen die Kaffers deelgeneem het (Cuyler, die landdros van Uitenhage, het met 3,000 burgers agtergebly om die Kolonie te beveilig), het op 'n uitstekende manier die moeilike en gevaarlike taak wat aan hulle toevertrou was, aangepak.

Vir Maitland was dit 'n groot voordeel dat die hele blanke bevolking van die Kolonie hom hartlik gesteun het. Selfs die filantrope was dit eindelik eens dat die Kosas gestraf moes word, en die *Commercial Advertiser* het hulle nie meer gesteun nie. Ook die Katrivier-Hottentots was definitief aan die kant van die blankes, en 'n aansienlike getal het saamgeveg en goeie werk gedaan.

In Augustus '46 trek Maitland oor die Keirivier. Die wêreld agter hom was nog lank nie reg nie, maar hy wou op Krelie, wie se houding alweer baie dubbelsinnig was, 'n indruk maak en hom uit die oorlog hou. Hierin het hy geslaag. Krelie het verneem dat die Keirivier weer tot oosgrens van die Kolonie geproklameer sou word, en hy het daarmee akkoord gegaan. Nou kon die pasifikasie van die Rarabegebied verder aangepak word, en daarvoor was veel tyd nodig. By Maitland se vertrek in Februarie 1847, was die oorlog nog nie oor nie. Sy opvolger, sir Henry Pottinger, behoort in staat te gewees het om 'n end daaraan te maak, want hy het naas die burgers 5,000 Engelse soldate tot sy beskikking gehad, maar hy was nie vir sy taak opgewasse nie, en toe hy in Desember '47 die regering aan sir Harry Smith oorhandig, was die Rarabes nog nie onderwerp nie.

Ons ken ons ou vriend sir Harry Smith teen hierdie tyd, en ons weet dat hy geen Pottinger was nie. Vars uit Indië, waar hy die oorlog teen die gevaarlike noordelike bergstam, die Sikhs, met sukses help afsluit het, was hy nie van plan om lank met die Kosas te speel nie. Hy is dadelik na die grens, en die onderwerping van die Rarabehoofde het gou gevolg. Op 17 Desember 1848 is 'n nuwe oosgrens vir die Kaapkolonie



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

geproklameer, die Keiskama-, Tjoemie- en Swart Keiriviere en oor die Stormberge langs die Kraairivier tot by die Oranje. 'n Week later ontmoet die goewerneur die hoofde in Kingwilliamstown en lees aan hulle 'n proklamasie voor, waarvolgens die gebied tussen die Keirivier en die koloniale grens onder die Britse kroon gebring word.

Sir Harry Smith het gesorg dat die hoofde 'n behoorlike indruk van die betekenis van die geleentheid gekry het. Hy laat hulle eers tussen oorlog en vrede kies deur twee kieries voor hulle te stel, die een waarvan hy die oorlogstaf noem en die ander die vredestaf. Almal nader en raak die vredestaf aan. Daarna steek hy 'n lang retoriese toespraak af en verlang dat hulle as teken van onderwerping sy voet kom soen. Almal gee ook hieraan gehoor, en met 'n algemene handskudding sluit hy die oudiënsie af. Met koninklike milddadigheid gee hy hulle toe 'n klomp beeste, sodat hulle met hulle mense, wat in duisende opgekom het om by die groot plegtigheid teenwoordig te wees, kon feesvier.

Volgens sir Harry Smith se reëling is Brits-Kaffraria, soos die geannekseerde gebied nou geheet het, onder 'n hoofkommissaris, luitenant-kolonel Mackinnon, gestel. Kingwilliamstown was sy setel, en sy opdrag was om onder die oppergesag van die Kaapse goewerneur en met die steun van 'n militêre mag orde onder die nuwe Kafferonderdane van die Britse kroon te handhaaf en die beskawing onder hulle te bevorder. Die hoofde moes hom daarby behulpsaam wees en het 'n eed afgelê dat hulle sy bevele sou gehoorsaam.

Die pasifikasie van die Sis-Kei was oënskynlik kompleet; maar dit het baie geld gekos, £1,000,000 vir die Britse regering alleen; en die vraag was, of dit van blywende aard sou blyk te wees. Die waarskynlikheid dat dit nie die geval sou wees nie, was groot; want sir Harry Smith het met sy gewone onstuimigheid één van die moeilikste probleme vir die Witman in Suid-Afrika, die administrasie nl. van 'n naturellegebied, in 'n paar weke probeer oplos. Hy het hom nie die tyd gegun om behoorlik op sake in te gaan nie, want teen die middel van Januarie was hy alweer op pad na Transoranje en Natal om ook daar met 'n paar proklamasies en dramatiese onderhoude ingrypende veranderings te weeg te bring. Buitendien het hy nog voor sy vertrek verpligtings aan die hoofde voorgeskrywe, wat hulle wel aanvaar het, maar nie van plan was om na te kom nie. Hulle moes b.v. belowe om die geloof aan toordokters en die vroukoopstelsel te help uitroei. Hy het dus deur die blote afpersing van 'n belofte die diepste agtergrond van die



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

Kaffer se geestelike lewe, sy geloof aan onsigbare kragte, en die ekonomiese en sedelike fondament van sy maatskaplike lewe, probeer uitwis, en dit was vooruit te sien dat 'n regering wat op so 'n haastige en minagtende manier met die ingewortelde tradiesies van die Kosas wou omspring, besig was om nuwe moeilikhede te skep. Drie jaar later was die Kosas dan ook alweer in opstand.

Teen die middel van 1850 was dit vir die grensboere duidelik dat 'n Kafferoorlog binnekort sou uitbreek. Daar was 'n groot roering onder die Kosas. Toordokters het hulle opgestook, en die beroemdste, by name Oemlanjenie, het middels uitgedeel wat die geheimsinnige krag sou besit om die Witman se koeëls skadeloos te maak. In Oktober 1850 was sir Harry Smith weer in die geannekseerde gebied. Hy stuur 'n bevel aan die hoofde om hom te kom ontmoet, maar niemand daag op nie. Hy gee daarop kennis dat hy nie meer vir Sandielie as opperhoof van die Rarabes erken nie, en dat Charles Brownlee, 'n Engelse inwoner van Kaffraria, wat 'n buitengewone kennis van die Kosas had, Sandielie se plek inneem. Dit was alweer 'n onbekookte maatreël, en die oorlog het spoedig gevolg. 'n Klein Engelse troepemag wat uitgestuur was om vir Sandielie te arresteer, is in die Boomahpas oorrompel, en op Kersmisdag het die Kaffers 'n aantal militêre dorpies langs die Keiskamma- en Tjoemieriviere uitgemoor en verbrand. Sir Harry Smith self het met moeite uit Fort-Cox op die Keiskamma ontsnap en sy pad na Kingwilliamstown deur die vyand heen oopgeslaan. Die Kaffers stroom daarop volgens ou gebruik die Kolonie binne, en roof en moord en verwoesting was weer die lot van die grensdistrikte.

Sir Harry Smith se haastige bouwerk het in puin rondom hom gelê, en hy moes weer van vooraf begin. Hierdie keer het sy onstuimige dapperheid en optimisme nie veel vrugte afgewerp nie. Die moeilikhede waarteen hy moes veg, was selfs vir hom te groot. Baie Katrivier-Hottentots, kwaad oor die heregte wat hulle vir hulle grond moes betaal, het gemene saak met die Rarabes gemaak, en Krelie met sy oostelike Kosas het hulle ook kragtig gesteun. Die goewerneur het dus 'n ontsaglik moeilike taak gehad om op te los, en die militêre mag waaroor hy beskik het, was nie voldoende nie. Die steun van die burgers was halfhartig, omdat hulle van sy skoorsoek-naturellepolitiek niks gehou het nie, en die uitbreek van die oorlog daaraan toegeskryf het, terwyl die Britse regering, wat van sy kosbare uitbreidingspolitiek al lank genoeg gehad het, hom nie genoeg troepe wou stuur nie. Alles was teen hom, en die vergaan van



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

die *Birkenhead* by Danger Point, met 'n lading troepe aan boord, was 'n verdere swaar slag vir hom. Dat die opvarende soldate hul in die uur van doodsgevaar besonder dapper en ordelik gedra het, het sy posiesie nie verbeter nie.

Toe die jaar 1851 verbygegaan het, en die oorlog nog nie op 'n end was nie, het lord Grey, die Britse minister van kolonies, hom teruggeroep, en in Maart 1852 het sir George Cathcart die bewind hier oorgeneem. Sir Harry Smith het 'n groot afskeid in Kaapstad gekry en die hulde wat hom daar toegeswaai is, het hy gedeeltelik ook verdien, maar sy toewyding, energie en eerlike bedoelings kan die feit nie wegsyfer nie, dat sy neiging om belangrike sake hals-oor-kop aan te pak, treurige gevolge vir Suid-Afrika gehad het.

Sir George Cathcart was in 'n baie voordeliger posiesie as sy voorganger om die oorlog met sukses voort te sit. Hy het oor heelwat meer troepe beskik, en die jaar van stryd het die uithouvermoë van die Kosas aansienlik verminder. Aan die hoof van 'n groot militêre mag, waarvan die burgerkommando's alweer 'n baie belangrike deel uitgemaak het, begin hy vroeg in 1852 sy kampanjie. Hy druk deur tot oor die Keirivier, verslaan vir Krelie, maak 10,000 beeste buit en verbrand sy kraal. Intussen raak die Rarabehoofde ook meer en meer in die benoudheid. Die burgerkommando's kon hulle wel nie uit hulle skuilplekke in die Amatolagebergte totaal verskuiwe nie, maar die Kaffers kon ook hier nie die stryd op die duur volhou nie, en teen die end van 1852 was al die Kosas begerig om vrede te sluit. Krelie moes 'n swaar veeboete betaal maar sy grond is nie aangetas nie. Die Rarabes egter is verplig om die Amatolastreek te verlaat en nader aan die kus te gaan woon, waar daar minder skuilplekke was. 'n Pragtige stuk grond het dus noord van die Amatolagebergte vir Europese kolonisasie beskikbaar geword, en plase is hier aan setlaars uitgegee op voorwaarde dat hulle ook militêre pligte op hulle neem. Weldra was hier 'n dorp, Queenstown, gestig, en sy eienaardige aanleg, 'n middelplein met uitstralende strate, herinner nog aan die tyd toe sy eerste bewoners op Kafferinvalle bedag moes wees.

Die administratiewe stelsel wat sir Harry Smith by die eerste anneksasie van Brits-Kaffraria ingevoer het, is nie deur sir George Cathcart ingrypend verander nie. Ook hy het hom nie die tyd daarvoor gegun nie, want nes sy voorganger het hy onmiddellik na die onderwerping van die Kosas 'n noordelike reis onderneem, en sy ondervinding in Basoetoeland het sy lus om hom met naturelleaangeleenthede in te laat aansienlik afgekoel. Hy het egter vir die hoofkommissaris in Kingwilliams-



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

town, kolonel MacLean, meer blanke steun, soldate en poliesie, agtergelaat; en die Rarabes was so verswak, dat hulle nie baie gou weer aan opstand sou dink nie.

Die oorlog het die Britse regering £2,000,000 gekos, en die vraag was nou, of Brits-Kaffraria, wat nog baie mense in sy vrugbare skoot kon opneem, deur sistematiese en intensiewe blanke kolonisasie in 'n blywende bate vir die Europese beskawing verander sou word. Gelukkig vir Suid-Afrika het Cathcart in Desember 1854 'n opvolger gevind, wat alles in sy vermoë gedaan het om die regte politiek ten opsigte van die geannekseerde gebied te vervolg. Dit was sir George Grey; maar hy was 'n groot man, en ons wil hom nie die onreg aandoen om sy groot loopbaan in Suid-Afrika in stukkies en brokkies te behandel nie. As 'n eenheid sal dit later bespreek word.

## § 2. Konstitusionele Ontwikkeling tot ± 1850 en die Ekonomiese Basis daarvan.

Op konstitusionele gebied is Suid-Afrika ontsaglik veel dank aan die Britse liberale van die neëntiende eeu verskuldig. Uitgaande van die grondbeginsel dat die reg van elke beskaafde gemeenskap op selfregering erken moet word, het hulle stap vir stap en betreklik sistematies aan die groot oorsese Britse gebiede, waar die Europese beskawing vas gewortel was, konstitusionele vryhede geskenk en hulle langsamerhand tot 'n punt gebring, waar hulle in hul binnelandse bestuur heeltemal selfstandig geword het.

'n Spotter mag beweer dat dit meer eie belang en vreesagtigheid as hoë beginsels was, wat die liberale hierdie billike weg laat inslaan het; dat hulle b.v. uit vrees vir die afval van Kanada daar so gou verantwoordelike bestuur ingevoer het, en in die algemeen van verantwoordelikhede in die kolonies wou loskom om geld te bespaar. Aangesien menslike motiewe nooit totaal van menslike swakhede vry is nie, sal daar ook in so'n beskuldiging 'n korreltjie van waarheid skuil; maar die lof wat aan die Britse liberalisme toekom, word nie as gevolg daarvan verduister nie. Die saak kom hierop neer: Grey en Russell met hulle volgelinge is wel in hulle konstitusionele idealisme ook deur praktiese beweegredes beïnvloed, maar die goeie weg wat hulle ingeslaan het, was nie derhalwe minder lofwaardig nie.

As ons die konstitusionele bedrywigheid van die konserwatiewe in Suid-Afrika gedurende die kwarteeu vóór 1830 met die werk van die liberale op dieselfde gebied in 'n ewe lang



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

tydperk na hierdie jaar vergelyk, dan kry ons 'n idee van die geestesverskil tussen die twee partye. Die konserwatiewe het die regspraak aan die Kaap verbeter en onder pressie 'n magtelose raad van advies aan 'n outokratiese goewerneur toegevoeg, en vir die res het hulle al die ou oorblyfsels van selfbestuur vernietig. Laat ons nou sien wat die liberale gedoen het.

Na die koms van die Britse setlaars het die geroep om selfbestuur in die Kolonie steeds sterker geword, en verskillende petiesies, waarin daarom gevra word, is na Engeland gestuur. Die Britse regering het lank teruggehou, eers omdat daar nog slawe aan die Kaap was en hulle belange, so was die gedagte, nie in die hande van die Suid-Afrikaanse koloniste veilig sou wees nie; en na die emansipasie, omdat die hele land deur die Groot Trek en sy naweë in woeling gebring was en naturelleaangeleenthede, hiervan was die liberale sterk oortuig, nie aan die koloniste kon toevertrou word nie. Nieteenstaande hierdie prinsipiële teenkanting het die Britse regering tog in 1834 'n belangrike verbetering in die sentrale regering aangebring, toe die raad van advies in 'n wetgewende raad, waarop naas die hoogste beamptes ook 'n aantal genomineerde koloniste sitting gekry het, verander is. Ons moet die betekenis van hierdie stap nie onderskat nie. Die drie regeringsmagte was nou in die Kolonie geskei. Die regterlike mag het by 'n betreklik onafhanklike hoë geregshof berus; die uitvoerende mag by die goewerneur en sy uitvoerende raad van beamptes, nl. o.a. die koloniale sekretaris, die tesourier-generaal en die prokureur-generaal; en die mag om wette te maak en belastings te hef, was in die hande van 'n liggaam, waarop die koloniste verteenwoordig was. Om redes wat bo genoem is, het verdere ingrypende verbeterings in die sentrale regering, nieteenstaande voortgesette agitasie en herhaalde petiesies, nie gou gevolg nie.

Op die gebied van lokale selfbestuur daarenteen was die ontwikkeling vinniger, en dit strek die Britse gesagvoerders tot eer dat hulle die groot konstitusionele waarheid, nl., dat 'n land deur lokale selfbestuur vir uiteindelike konstitusionele selfstandigheid moet voorberei word, nie uit die oog verloor het nie. Hierdie waarheid moet beklemtoon word, want dit het nie alleen historiese nie, maar ook praktiese betekenis. 'n Volk wat sy plaaslike selfbestuur nie hoog skat en beoefen nie, loop gevaar om ook sy sentrale regeringstelsel te verloor. Dat die dorpe in die Kaapkolonie in 1836 die reg gekry het om hulle plaaslike aangeleenthede deur middel van munisipale rade, deur die belastingbetalings gekies, te reël, was dus 'n belangrike voorwaartse stap. Van groot betekenis was dit ook dat die bewoners



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

van die platteland in 1843 deur die stigting van weë-rade, waarop hulle verteenwoordigers sitting gekry het, mee verantwoordelik gemaak is vir die onderhoud van paaie in hulle distrikte. Uit hierdie weë-rade is in 1855 die afdelingsrade gebore. Vergelykbaar met hierdie maatreëls, wat meer verantwoordelikhede op die skouers van die koloniste gegooi het, is die gedeeltelike vrymaking van die Nederduits-Gereformeerde Kerk. Onder die bepaling van De Mist in 1804 was die Kerk nog altyd aan die Staat verbind, en op die sinode wat Somerset ingestel het, was die regering, soos in die ou Hollandse tyd op elke kerkraad, deur 'n „Commissaris Politique'' verteenwoordig. Ook die benoeming van predikante het by die regering, wat hulle salarisse betaal het, berus. In 1843 is deur 'n ordonnansie van die wetgewende raad aan die Kerk die reg gegee om sy inwendige sake self te reël, en die „Commissaris Politique'' het verdwyn. Heeltemal vry was die Kerk egter nog nie, want die predikante is nog deur die regering benoem en besoldig.

Die bogenoemde konstitusionele ontwikkeling van hierdie jare het hand aan hand met gestadige verbetering en groei in baie rigtings gegaan. Nuwe distrikte en gemeentes, te veel om te vermeld, is gestig. Die ou geërfde belastingstelsel met sy opgaaf, tiendes, ens., is afgeskaf, en die regering het veral uit verhoogde invoerregte die inkomste gehaal, wat 'n verbeterde administrasie vereis het. Op onderwysgebied is belangrike vooruitgang gemaak. Die skoolstelsel, as 'n mens dit 'n stelsel kan noem, wat lord Charles Somerset hier ingevoer het, was op die duur nie 'n sukses nie. Hollands het daaronder nie tot sy reg gekom nie, en die plaaslike belangstelling in die suiwer Engelse skole op die plattelandse dorpe was nie groot nie. Buitendien was daar geen doeltreffende sentrale organisasie om die hele onderwys te bevorder nie. Die ou Bybel- en Skoolkommissie in Kaapstad, wat uit 'n aantal beamptes en predikante bestaan het, en veronderstel was om in die algemeen toesig oor die onderwys te hou, het nie aan die eise van die tyd beantwoord nie. Sir Benjamin D'Urban het gevoel dat verandering nodig was, en sy koloniale sekretaris, Bell, het 'n lang rapport oor die toestand geskryf. Enige verbetering het hierop gevolg, maar van meer ingrypende uitwerking was 'n rapport wat sir John Herschel, die beroemde astronoom, wat destyds in Suid-Afrika was, in 1838 op die versoek van sir George Napier opgestel het. In 1839 is die Bybel- en Skoolkommissie afgeskaf, en die algemene toesig, wat hierdie liggaam nie kon behartig nie, is aan 'n superintendent-generaal van onderwys



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

opgedra. James Rose-Innes is as sulks benoem, en onder hom is die onderwys in die Kaapkolonie vir die eerste keer enigsins gesistematiseer. Hy het verskillende tiepes van skole onder hom gehad. Daar was die gewone elementêre dorpskole, wat plaaslik deur gekose rade beheer is, en waarin die medium van instruksie teoreties volgens die keuse van die ouers sou wees, ofskoon, tussen hakies gesê, daar in die praktyk van 'n verdringing van Engels as voertaal nie veel geword het nie. Hier en daar in die grootste dorpe vind ons dan nog inrigtings van 'n hoër status, waarin ook meer gevorderde werk gedaan is en Engels die enigste voertaal was. In hierdie hoër skole veral is die angliserende invloede, wat Somerset doelbewus in die onderwys ingevoer het, kragtig voortgeplant, en met die oog hierop is dit begryplik dat daar teen die jaar 1870 onder die geletterde Afrikaners in die Kaapkolonie baie was wat nie alleen Engelssprekend nie, maar ook Engelsdenkend geword het. Op enigsins vreemde grondslag is dus die hoër kulturele ontwikkeling suid van die Oranjerivier in hierdie tyd opgebou, maar, hoe dan ook, daar was ontwikkeling en heeltemal vreemd was sy basis ook nie, want die Engelse taal en kultuur is vir 'n groot deel deur Skotse onderwysers en predikante op die Kolonie oorgedra, en 'n Skotse kalvinis, veral as hy van die platteland afkomstig is, staan grotendeels op dieselfde geestelike grondslag as sy Afrikaanse geloofsgenoot. Buitendien moet onthou word dat in die Boland 'n ou Hollands-Afrikaanse kultuur, wat ook 'n tradiesie van geleerdheid ingesluit het, diep gewortel was, en hierdie tradiesie het onder baie van die ou families in die statige herehuise in Kaapstad, of in die deftige en smaakvolle landelike wonings in Stellenbosch en langs die Bergrivier, voortgeleef. Daar was ook nog 'n Hollandse skool van hoë gehalte, *Tot Nut van 't Algemeen,* in die hoofstad, en die Suid-Afrikaanse Kollege, wat in 1829 daar gestig is; en ofskoon laasgenoemde, wat die medium en die gees van die onderwys betref, oorweënd Engels was, het dit ook daartoe bygedra om die Afrikaanssprekende bevolking van die Kaapkolonie van leiers te voorsien. Ons dink b.v. aan Jan Hendrik Hofmeyr, wat in 1846 aan die voet van Tafelberg gebore is en op die plaas Moddergat onder die hange van Helderberg naby Stellenbosch opgegroei het. Hy was 'n leerling eers van die *Tot Nut van 't Algemeen* en daarna van die Suid-Afrikaanse Kollege.

Simon van der Stel wou deur intensiewe kolonisasie in die nabyheid van die Kaap die taal en tradiesies van Nederland in Suid-Afrika op nuwe aarde voortplant en beskerm, en sonder vrug was sy pogings op die lange duur seker nie, want juis



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

dié dele waarop hy sy oog gehad het, nl. die digbevolkte suidwestelike hoek van ons land, het in 'n baie kritieke tydperk die geestelike aspirasies van Hollands-Suid-Afrika kragtig help bestendig.

Ons moet dus die betekenis van die angliserende invloede nie oordryf nie. Op die Afrikaanssprekende plattelandse bevolking in die algemeen was hulle uitwerking baie klein. Trouens, die hele lewenswyse van die boere op hulle plase het in hoofsaak gebly soos ons dit aan die begin van die eeu aangetref het. Die geestelike atmosfeer van die plaaslewe was nog dieselfde, en afgesien van die feit dat daar geen slawe meer was nie, het die boerderybedryf nie veel verskil van wat dit in die agtiende eeu gewees het nie. Alleen in 'n paar opsigte was belangrike ontwikkeling te bespeur.

Die gebruik van beter ploeë en ander produkte van die Britse fabrieke het toegeneem; die ou gebrek aan vaste afsetmoontlikhede is deur die toenemende skeepsverkeer, 'n gevolg van Britse uitbreiding in Indië, Australië en Nu-Seeland, asook deur die ekonomiese opbloei van Engeland en die nouer verbinding van die Kaap met die groot Engelse mark, so deeglik uitgewis, dat die Suid-Afrikaanse boer in die algemeen sy produksie kon vermeerder, sonder die gevaar van onverkoopbare surplusse; en as gevolg hiervan vind ons dat veral die wolskaapboerdery sy eerste groot sprong in Suid-Afrika maak. Die volgende syfers en feite gee ons 'n indruk van die nuwe ekonomiese moontlikhede wat na en nieteenstaande die Groot Trek vir die Kaapkolonie geopen is, en in verband daarmee moet opgemerk word, hoe die Krimoorlog die uitvoer veral van wol aangewakker het. In 1840 staan die totale uit- en invoersyfers respektieflik op £260,000 en £850,000; in 1850 op £640,000 en £1,280,000; en tien jaar later op £2,000,000 en £2,700,000. Aan wol is gemiddeld jaarilkse uitgevoer 'n waarde van £1,300 van 1826 tot 1830, £8,100 van 1831 tot 1835, £30,000 van 1836 tot 1840, £100,000 van 1841 tot 1845 en £200,000 van 1846 tot 1850; tien jaar later was dit meer as vyfmaal soveel, en in 1865 is wol tot 'n waarde van £1,700,000 uitgevoer. Die wyn- en graanboere van die Boland het in hierdie tyd nie so goed gevaar nie, omdat die graanproduksie nie baie vermeerder het nie, en die swak kwaliteit van die Kaapse wyn nog altyd sy afset oorsee binne baie matige perke gehou het, maar die rykdom van die land as 'n geheel het tog aansienlik toegeneem. Die vermeerdering in die staatsinkomste is 'n bewys hiervan. In 1840 het die staatsinkomste op £170,000 gestaan, en in 1860 op £500,000; en aangesien die Kolonie teen 1845 sy publieke



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

skuld, wat veral deur die waardevermindering van die riksdaler en die oorgang tot die Engelse geldsisteem veroorsaak was, afbetaal het, kon die regering reeds vóór die middel van die eeu meer geld b.v. aan die onderwys en die verbetering van paai bestee. In verband met die laasgenoemde moet die naam van majoor Michell, die landmetergeneraal, genoem word. Onder sy leiding het die sentrale weë-raad, wat in 1843 geskep is, 'n hardepad oor die Kaapse vlakte aangelê en deur die verbetering van die paaie oor die passe van die eerste bergreeks die binnelandse verkeer enorm vergemaklik. Ook vir die verkeer met die buiteland is enigsins beter fasiliteite geskep; 'n paar vuurtorings is b.v. gebou; maar selfs die hawe van Kaapstad, om nie eers van Port-Elisabeth te praat nie, was nog nie van behoorlike aanlêplekke vir skepe voorsien nie. Ons sal vind dat hierdie gebrek dadelik die aandag van die eerste Kaapse parlement geniet het, en heel begryplik is dit, want teen die middel van die eeu het die skeepsverkeer aan die Suidafrikaanse kus nie alleen 'n veel groter omvang bereik as ooit tevore nie, maar is dit ook as gevolg van die stoomvaart van veel meer betekenis geword. Op 13 Oktober 1825 het die eerste stoomskip, die *Enterprise*, na 'n reis van 58 dae, van Engeland in Tafelbaai aangekom, en ofskoon hierdie vaartuig nog maar 'n voorloper was, het die tyd tog langsamerhand aangebreek, waarin Suid-Afrika veel nader aan Europa gebring is. Onder al hierdie omstandighede is dit verklaarbaar dat die besigheidslewe in die algemeen en veral in Kaapstad nuwe ontwikkelings vertoon het. Die behoefte aan geldverkeer het groter geword, en ons lees van 'n hele aantal banke wat tot stand gekom het. Die stigting van die Kaapse Eksekuteurskamer in 1838 en van verskillende assuransie-maatskappye omstreeks dieselfde tyd en daarna is verder tekens van die toenemende ekonomiese bedrywigheid.

## § 3. Hoe die Kaapkolonie 'n Parlementêre Grondwet gekry het.

Die voorafgaande skets van die konstitusionele, kulturele en ekonomiese ontwikkeling van die Kaapkolonie tot ongeveer die middel van die eeu moet dien om die invoer van 'n parlementêre regeringstelsel te verduidelik. Die Britse liberalisme moet wel in die eerste plek daarvoor verantwoordelik gehou word, en daarnaas moet onthou word dat die totstand kom van parlemente in ander Britse kolonies omstreeks hierdie tyd byna onvermydelik ook tot meer konstitusionele vryheid aan die Kaap moes voer; maar dit alles verander niks aan die feit



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

dat die Kolonie teen die jaar 1850, as gevolg van sy eie inwendige ontwikkeling, ryp vir selfregering was nie. Die Vrystaters en Transvalers het as vegters en pioniers volkome vry geword; en die weg tot selfbestuur wat die Kolonialers moes bewandel, was langer en minder dramaties; maar vir die toekoms van die hele Suid-Afrika het dit veel beteken, dat die Kaapkolonie uit hoofde alleen van eie gesonde groeikrag sy trapsgewyse verkryging van meer konstitusionele vryhede ryklik verdien het.

Die wetgewende raad van 1834 het nie aan die vereistes, wat aan 'n verteenwoordigende liggaam gestel moet word, voldoen nie. Vir byna die helfte het dit uit beamptes, wat verwag was om die bevele van die goewerneur uit te voer, bestaan, en die sogenaamde onoffisiële lede was nie deur die koloniste gekies nie. Die mag van die goewerneur en sy beamptes was op slot van sake nie werklik verminder nie. Sir George Napier het een keer aan 'n onoffisiële raadslid, John Ebden, gesê, hy kan maar ophou praat, want sake van belang word tog beslis, voordat hulle voor die raad gebring word. Geen wonder dat die koloniste nie tevrede was nie. Hulle wou 'n wetgewende liggaam hê wat alleen uit werklike volksverteenwoordigers, d.w.s. mense deur die volk self gekies, bestaan, en wat dus volgens die wil van die meerderheid van die kiesers sou handel; maar hulle agitasie het ook verder gereik: volkome selfbestuur, verantwoordelike regering, was die leuse. Nie alleen die wetgewende mag nie, maar ook die uitvoerende gesag wou hulle in die hande van hulle verteenwoordigers sien. Hulle wou dus gelyktydig twee verowerings maak. Alleen op één gebied, die wetgewende, het hulle voorlopig geseëvier.

In 1846 het 'n liberale ministerie, onder lord John Russell, as eerste minister, in Engeland aan die bewind gekom, en dit was hierdie regering wat teen 1850 aan die Australiese kolonies 'n baie groot mate van selfbestuur gegee het. Teen 1848 was die kwessie van meer konstitusionele vryheid vir die kolonies reeds druk bespreek, en die hele gees van die tyd, soos geopenbaar deur die „Chartist''-beweging in Engeland en die Europese omwentelings, het die aansprake van die koloniste bevorder. Earl Grey, die minister van kolonies in Russell se kabinet, gee dus opdrag aan sir Harry Smith om oor die instelling van 'n parlement aan die Kaap 'n rapport uit te bring. Die goewerneur het sy prokureur-generaal, Porter, hiermee belas, en in Maart 1848 is sy voorstelle deur die regters en die lede van die uitvoerende raad behandel. Almal was dit een dat 'n verandering in die regeringsvorm onmiddellik nodig was, dat



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

die gevaar van 'n rassestryd tussen Hollandse en Engelse koloniste nie bestaan nie, aangesien hulle dieselfde belange het, en dat daar ook geen vrees hoef gekoester te word dat die naturelle onder 'n parlementêre stelsel onbillik behandel sal word nie. Die hoogste beamptes steun derhalwe die skema van Porter; twee wetgewende kamers moet daar wees, 'n laer huis, volksraad, deur die koloniste gekies, en 'n hoër liggaam, die wetgewende raad, wat uit benoemde lede, beamptes en koloniste, sal bestaan. Baie liberaal was hierdie voorstelle nie, maar sir Harry Smith het sy goedkeuring daaraan geheg en hulle aan lord Grey gestuur. Deur die Britse regering is hulle na 'n komitee verwys, wat die hele koloniale konstitusionele vraagstuk in oënskou moes neem en eers in Januarie 1850 rapport uitgebring het.

In die tussentyd vind 'n gebeurtenis plaas wat die vermoë en begeerte van die Kaapse koloniste, om 'n groot mate van seggenskap in hul regering te hê, nog duideliker aan die lig stel. As gevolg van die Australiese beweging teen die verdere invoer van bandiete, is die plan om die Britse tronke in Suid-Afrika te ontlas van tyd tot tyd gedurende die jare '40 ernstig deur die Britse regering oorweeg. In 1841 was daar 'n voorstel om Robbeneiland as verbanningsoord te gebruik, maar sir George Napier het met krag daarop gewys dat die stuur van bandiete na Suid-Afrika 'n baie nadelige invloed op die gekleurde bevolking sou hê, en die bandiete is nie aan die Kaap afgelaai nie. In 1842 het die Britse outoriteite met 'n skynbaar minder gevaarlike voorstel gekom; hulle wou nl. jeugdige misdadigers na Suid-Afrika stuur om hier 'n beter kans te kry. Dog hierdie plan is heftig en met sukses beveg. Fairbairn in die *Commercial Advertiser* het o.a. gesê: „that a pestilence sweeping off half the population should be preferred to an infusion of vice which should render the whole unworthy to live.'' Met die toenemende politieke en ekonomiese moeilikhede in Groot-Brittanje en die gelyktydige verset van die Australiërs teen die bandiete-invoer het die Britse tronke egter so vol geword, dat lord Grey, wat soos ons weet geneig was om self te besluit wat vir die kolonies goed was, eenvoudig die Kaap tot 'n afsetgebied vir bandiete geproklameer het. Op 8 November 1848 moes sir Harry Smith hierdie proklamasie aan die wetgewende raad bekend maak, en die ontsteltenis en verontwaardiging waarmee die nuus hier ontvang is, was vir die goewerneur 'n genoegsame aanduiding dat die koloniste alles in hulle vermoë sou doen om Grey se plan te verydel. 'n Geweldige agitasie het dan ook dadelik gevolg. Protesvergaderings is gehou, en

M



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

petiesies teen die voorgestelde invoer van bandiete is na Engeland gestuur. Afrikaans- en Engelssprekendes, plattelanders en stedelinge, het skouer aan skouer gestaan om die dreigende „pestilensie'' van Suid-Afrika af te weer. In Mei 1849 is 'n groot verteenwoordigende vergadering op die parade in Kaapstad gehou, en 'n vereniging, met John Ebden as voorsitter en 'n sterk waaksaamheidskomitee, is gestig om die spontane verset van die koloniste verder te organiseer en meer doeltreffend te maak.

Die eerste skip, die *Neptune,* met 282 bandiete aan boord, was in die tussentyd aan die kom, en in September het die opvarende bannelinge in Simonsbaai geanker. Dat hulle nie almal werklike misdadigers was nie, dat daar b.v. ook baie Ierse politieke veroordeeldes, wat vir hulle gehegtheid aan hulle eie nasionale ideale moes ly, op die *Neptune* was, het by die Kaapse koloniste nie geweeg nie. Hulle het die beginsel van Grey se proklamasie beveg, en nou moes blyk of hulle erns, offervaardigheid en eendrag groot genoeg sou wees om Grey te beweeg om van sy plan af te sien. Dit was 'n groot toets wat die koloniste moes deurstaan. Dit het hierop neergekom dat hulle as 'n georganiseerde gemeenskap sorg moes dra dat die regering nie van hulle kant van die middels voorsien sou word, wat vir die huisvesting en onderhoud van die bandiete nodig was nie, en tot hulle eer moet vermeld word dat 'n onderlinge ooreenkoms om niks aan die regering te verkoop nie nagenoeg unaniem nagekom is.

Daar was natuurlik uitsonderings. Daar was 'n klein klompie mense wat eie voordeel hoër geag het as die publieke belang en in die geheim goeie besigheid gedaan het, maar hulle name was weldra bekend en op 'n swart lys gesit, en alle omgang met hulle is vermy. Sommige van hierdie verraaiers het nogal 'n hoë toon aangeslaan en hulle standpunt verdedig, deur te beweer dat hulle dit aan die Britse ryk skuldig was om die ryksgereging te steun; en een van hulle, kaptein Robert Stanford, die eintlike leier van die ultralojaliste, het werklik ook later aanspraak op beloning gemaak en dit ook gekry. Hy is tot ridder geslaan, en 'n som van £5,000 is aan hom betaal. As groot geheel het die blank bevolking egter geesdriftig en eenparig agter Ebden en die ander leiers van die antibandietebeweging gestaan, en sir Harry Smith, wat simpatiek teenoor hulle was en graag die *Neptune* met sy vrag kwyt wou wees, kon sterk by Grey daarop aandring om die gevoelens en houding van die koloniste baie ernstig in aanmerking te neem en sy proklamasie te herroep. Ook in Engeland was vriende van



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

Suid-Afrika besig om hulle invloed ten gunste van die herroeping te gebruik, en in verband hiermee moet die naam van Adderley, 'n Engelse parlementslid, met eer genoem word. Lord Grey moes uiteindelik toegee, en in Februarie 1850 het die bevel gekom dat die *Neptune* sy ongewenste vrag by Vandiemensland moes gaan aflaai. Daar was groot gejuig en groot dankbaarheid aan die Kaap, en één blywende teken van hierdie dankbaarheid is die Adderleystrate wat taamlik veelvuldig in die Kaapkolonie aangetref word. Ook die hoofstraat van Kaapstad, die Heregrag van vroeër, moes sy statige ou naam daarby inboet.

Terwyl die bandietekwessie in Engeland onder behandeling was, het die voorgestelde Kaapse parlementêre grondwet mooi gevorder. Die komitee, waarna die saak verwys was, het gerapporteer, en Russell en Grey was dit eens, dat die skema van sir Harry Smith en sy offisiële raadgewers nie liberaal genoeg was nie. Ook die hoër huis moes volgens hulle opvatting slegs uit werklike volksverteenwoordigers, d.w.s. gekose lede, bestaan; en in 1850 het die Britse regering besluit en formeel bekend gemaak dat die Kaapse parlement op hierdie basis tot stand moes kom. Die verdere besonderhede van die konstitusie moes egter nog in die Kaapkolonie uitgewerk word, en die gedagte van die Britse ministers hierby was dat die koloniste feitlik vir hulself 'n grondwet moes opstel, maar sir Harry Smith het anders gedink en gehandel, en 'n bitter stryd was die gevolg van sy outokratiese houding in die saak.

Tydens die antibandiete-agitasie het vyf van die ses onoffisiële lede van die Kaapse wetgewende raad uit protes bedank, en die goewerneur wat die opstel van 'n ontwerp-grondwet aan hierdie liggaam opgedra het, moes die vakante setels vul. Hy het dit op sy eie manier gedaan. Die bestaande munisipaliteite en distriksrade is gevra om vyf lede te kies, en 'n meerderheid van stemme is op Christoffel Brand, sir Andries Stockenström, Francis W. Reitz, John Fairbairn en J. H. Wicht uitgebring. Met die benoeming van die eerste vier het sir Harry akkoord gegaan, maar in die plek van Wicht het hy vir Robert Godlonton, wat veel minder stemme gekry het, aangestel. Sy motivering was dat die benoemingsreg by hom berus, en dat hy die oostelike provinsie drie verteenwoordigers moes gee. Die drie was dan Stockenström, Godlonton en Cock, die enigste onoffisiële lid wat in 1849 nie bedank het nie. Die uitwerking van die goewerneur se handelwyse was dat die vier gekose lede 'n magtelose minderheid van die raad uitgemaak het, en na 'n paar sittings het hulle almal bedank. Die amptelike lede plus

M2



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

Godlonton en Cock het toe maar onder opdrag van die goewerneur aan die grondwet gewerk; maar buite hulle om was ook die vier uitgetrede volksverteenwoordigers met Wicht aan 'n ontwerp besig. Teen die end van September 1850 was albei partye klaar met hulle werk. Sir Harry Smith stuur toe die offisiële skema aan die Britse regering, en gelyktydig neem Fairbairn ook die onoffisiële ontwerp na Engeland. Die sekretaris van kolonies het geweier om met Fairbairn te onderhandel, maar laasgenoemde het van die Engelse pers gebruik gemaak, en sonder invloed op die verdere ontwikkeling van die saak is sy sending nie gewees nie.

Die uitstaande verskil in die skemas van die twee partye was dat die goewerneur en sy beamptes, deur aan te dring op hoë besitkwalifikasies vir lede van die hoër huis en 'n lang benoemingstydperk, asook deur voorstelle om die opdrag van die Britse regering so te wysig dat al die lede daarvan vir hulle hele leeftyd deur die kroon moes aangestel word, van hierdie liggaam 'n konserwatiewe bolwerk teen 'n demokratiese laer huis wou maak, terwyl Fairbairn en sy kommittente in die geval van albei huise vir lae besit- en kieskwalifikasies ingetree het.

'n Eienaardige toestand, enigsins vergelykbaar met die wat Durham in Kanada aangetref het, het in die Kaapkolonie ontstaan. Op grond van die Vyftigste Ordonnansie was dit vooraf duidelik dat daar geen kleurlyn in die grondwet sou toegelaat word nie, en tog het die eintlike volksverteenwoordigers, onder wie daar manne was wat vir die Afrikaanssprekende deel van die blank bevolking opgetree het, die gevaar van 'n ewentuele groot getal kleurlingkiesers minder geag as die moontlikheid van 'n hoër huis, wat weëns sy samestelling die wil van die groot massa van die volk sou dwarsboom. Die ou, konserwatiefgesinde koloniste het dus, om meer konstitusionele vryheid te verkry, 'n liberale grondwet, wat ook vir die kleurlinge uiteindelik veel politieke seggenskap sou besorg, gesteun; terwyl die sogenaamde progressiewe en verligte Kaapse regeringskringe, gesteun deur hulle rasgenote onder die Britse koloniste van die oostelike distrikte, wat vir die oorheersing van die Afrikaanssprekendes bang was, aan 'n meer outokratiese regeringstelsel die voorkeur gegee het. Hierdie eienaardige verskynsel van konserwatiewe, wat 'n liberale grondwet verlang, en liberale, wat in 'n outokratiese bewind veiligheid soek, het hom nog sterker in die kolonie voorgedaan, toe die Britse regering in 1851 die geamendeerde offisiële ontwerp vir verdere behandeling na die Kaapse goewerneur teruggestuur het. Die Britse bevolking van die oostelike distrikte was baie luidrugtig, en 'n



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

separatistiese beweging, die doel waarvan was om die oostelike provinsie, met Grahamstad as hoofstad en aparte wetgewende liggame, van die res van die Kolonie af te skei, het heelwat aanhangers gevind. Die Kafferoorlog van 1850/53 het intussen egter uitgebreek, en die ontwikkeling van die konstitusionele kwessie is daardeur vertraag.

'n Verdere en gevaarliker aanleiding tot vertraging het kort hierop gevolg. In Februarie 1852 val die Russell-ministerie, en 'n Tory-regering onder lord Derby, met sir John Pakington as minister van kolonies, kom aan die bewind. By hierdie Britse konserwatiewe was daar veel minder geesdrif vir koloniale selfbestuur, en Pakington het die saak op die lange baan geskuif. Daarby was hy en sy kollegas meer gevoelig vir die representasies van die outokratiesgesinde seksie in Suid-Afrika, en daar was 'n kans dat die liberale regeringsbesluit van 1850, wat definitief bepaal het, dat die wetgewende raad uit gekose lede moes bestaan, in die rigting van 'n genomineerde liggaam gewysig sou word. Hierteen het 'n publieke vergadering in Kaapstad teen die end van 1852 ernstig geprotesteer, maar dis twyfelagtig of die verset van die Suidafrikaanse konstitusionele liberale op die duur teen die reaksionêre magte, wat aan die werk was en nuwe moed en steun gekry het, die veld sou behou het. Gelukkig egter het die Derby-ministerie in Desember 1852 geval, en vroeg in die volgende jaar het sy opponente die parlementêre grondwet vir die Kaapkolonie op 'n liberale basis bekragtig.

## § 4. Die Grondwet van 1853.

Die grondwet is deur 'n besluit van die Britse regering van 11 Maart 1853 bekragtig. Die inhoud daarvan is kortliks as volg: Die wetgewende mag word aan twee kamers oorgedra: 'n wetgewende raad, die lede waarvan elk vaste eiendom van minstens 'n waarde van £2,000 moet besit, en 'n wetgewende vergadering, wat vir lidmaatskap slegs die kwalifikasies van 'n kieser vereis. Die lede van albei liggame word deur volkskeuse benoem, en alle meerderjarige, manlike bewoners van die Kolonie, wat Britse onderdane is en 'n huis van 'n waarde van £25 bewoon of £50 per jaar aan loon of salaris ontvang, is kiesers. (Hierdie kieskwalifikasies was waarlik laag genoeg; in 1892 is die huiswaarde van £25 tot £75 verhoog). Albei kamers besit gelyke mag, met hierdie uitsondering egter, dat wetsontwerpe, waaraan uitgawe van staatsgeld verbind is, eerste in die wetgewende vergadering moet behandel word. In die praktyk be-



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

teken dit dat die laer huis nes in Engeland oor die staatsfinansies die hoogste seggenskap het. Wette word eers van krag wanneer hulle deur albei huise aangeneem en deur die goewerneur as verteenwoordiger van die koning geteken is, en laasgenoemde kan weier om te teken of kan 'n voorgestelde wetsontwerp na die Britse regering vir bekragtiging verwys. (Die sogenaamde vetoreg van die koning wat hierby genoem word, beteken dat die Britse regering, volgens wie se advies die koning van Groot-Brittanje moet handel, die mag besit om Kaapse parlementêre besluite te ontkragtig). Engels is die offisiële taal van die parlement; alle parlementêre stukke word alleen daarin opgestel, en dis ook die enigste voertaal by debatte. Hiermee is die mees in-die-oog-lopende punte van die grondwet opgesom, maar op één baie belangrike saak, wat sonder twyfel as buitengewoon merkwaardig uitstaan, moet nog gelet word.

Dit word bepaal: dat geen persoon wat 'n staatsbetrekking beklee waaraan 'n besoldiging verbind is, 'n lid van die parlement mag wees nie; dat die hoogste beamptes, d.w.s. die koloniale sekretaris, die prokureur-generaal, die tesourier en die ouditeur-generaal, die reg het om in die parlement te sit en aan die debatte deel te neem, maar sonder stem; en dat alle geldwette, belastingsvoorstelle, ens., in die eerste instansie van die goewerneur moet uitgaan. Die betekenis hiervan is dat die goewerneur en sy beamptes die uitvoerende mag in sy hele omvang bly behou. Vir ministers wat verantwoordelike parlementslede is en in hulle betrekkings van die steun van 'n meerderheid van die kiesers afhanklik is, word geen voorsiening gemaak nie, en die departementele regeringshoofde, ofskoon aanwesig in die parlement, is nie aan dié liggaam nie, maar aan die goewerneur verantwoording skuldig. Hier het ons dus op slot van sake dieselfde regeringstelsel wat in Kanada nie wou werk nie, omdat dit tot 'n botsing tussen die uitvoerende en wetgewende magte gelei het. Baie mense het gevrees dat Suid-Afrika dieselfde ondervinding sou opdoen. Ons sal later sien dat hulle nie onnodig besorg was nie.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

## HOOFSTUK VIII.

# DIE NUWE KAAPSE PARLEMENT EN TWEE GOEWERNEURS.

### § 1. Sir George Grey (1854 — 1861).

Toe sir George Grey teen die end van 1854 hier aankom om vir Cathcart op te volg, was die eerste sessie van die eerste Kaapse parlement al afgeloop. Dit was nie veel meer as inleidend van aard gewees nie, en onder die nuwe goewerneur moes blyk of die nuwe sisteem 'n sukses sou wees. Hy is dan ook gestuur om 'n sukses daarvan te maak, en nes in Australië en Nu-Seeland het hy met buitengewone bekwaamheid en toewyding sy moeilike taak aangepak en uitgevoer. Hy was 'n man van veelsydige kennis, groot belesenheid, hoë intellektuele begaafdheid, veel praktiese sin, met 'n sterk en eerlike karakter, diepe pligsgevoel en breë menslikheid. Byna te ernstig van geaardheid, was hy, miskien as gevolg hiervan, ongelukkig in sy huislike aangeleenthede, maar met des te meer ywer het hy hom op die uitvoering van die menigvuldige pligte, aan sy hoë en verantwoordelike amp verbind, toegelê en daarin bevrediging en vergoeding gevind vir wat hy in sy intieme huislike verhoudings moes mis.

Die voorstanders van verantwoordelike selfbestuur het in die begin sterk daarop in die parlement aangedring, en voorstelle in dié rigting is van tyd tot tyd deur manne soos Wicht, Reitz en Stockenström ingedien, maar in Grey se tyd het hierdie pogings uiteindelik verflou, veral omdat dit gou duidelik geword het dat hy daarop uit was om in die nouste samewerking met die volksverteenwoordigers, en met inagneming van die gevoelens van die koloniste, hulle belange te bevorder. Onder hom het die parlement dan ook gou daartoe oorgegaan om minder aandag aan konstitusionele teorieë te skenk en meer aan prakties-konstruktiewe werk. 'n Hele aantal nuwe distrikte is geproklameer, en die inkrimping van die grense van die ou distrikte en die vermeerdering van magistraatskappe het die administrasie steeds nouer in kontak met die verspreide bevolking gebring



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

en beter instaat gestel, nie alleen om wet en orde te handhaaf nie, maar ook om in die algemeen vrugbaar werksaam te wees.

Soos ons reeds gesien het, was dit 'n tyd van langsame, maar gesonde ekonomiese vooruitgang, en aan die regte konstitusionele grondslag hiervoor, nl. lokale bestuur, is ook deur die parlement en die regering verder gewerk. 'n Hele reeks van nuwe munisipaliteite is geproklameer, en ook deur middel van die afdelingsrade, wat na 1855 volgens parlementsbesluit die weë-rade vervang het, is die koloniste aangewakker om hul vir gemeenskaplike doeleindes te organiseer en hul saam met die landsadministrasie vir die verbetering van paaie, die bou van brugge, ens., te beywer.

Baie belangrik was die stap waartoe die goewerneur en die volksverteenwoordigers in 1858 oorgegaan het, toe 'n begin gemaak is met die aanlê van die eerste spoorweg in Suid-Afrika, tussen Kaapstad en Wellington. Langsamerhand is die Kaapkolonie gemoderniseer, en ook die vreemdeling aan ons poorte moes dit merk: 'n breekwater en goeie dokke beskut eindelik die skepe in die Kaapse hawe, en meer vuurtorings glinster snags om die vaart langs ons rotsige kuste veiliger te maak. Ook vir die geestelike belange van die bevolking het Grey 'n ope oog gehad, en grotendeels as gevolg daarvan is goeie vooruitgang op die gebied van die onderwys gemaak. Meer skole is gestig, en in 1857 het 'n eksamenraad (Board of Examiners) tot stand gekom. Voorlopig was die eksamens, deur die eksamensraad ingestel, taamlik elementêr van aard; maar uit hierdie liggaam het later die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop, die alma mater van al die Suidafrikaanse universiteite, ontwikkel, Interessant is dit om te merk, hoe die Hollandse Kerk gelyktydig met die stygende kulturele peil in selfbewuste krag toeneem. Die godsdienstige liberalisme waai na Suid-Afrika oor en word 'n gevaar geag. In 1859 word dus 'n eie teologiese kweekskool in Stellenbosch gestig, en manne van die hoë intellektuele kwaliteit van John Murray en Nikolaas Hofmeyr was reeds beskikbaar om die leerstoele daarin op 'n skitterende wyse te vul.

Ten opsigte van die geannekseerde naturellegebied oorkant die oosgrens van die kolonie het die goewerneur 'n verstandige en humane politiek gevolg. Sir George Cathcart was verantwoordelik daarvoor gewees dat hierdie gebied direk onder die kroon, d.w.s. in hierdie geval die goewerneur, gestaan het, en administratief dus van die Kolonie afgeskei gebly het. Sy motivering hiervoor word in een van sy instruksies aan kolonel McLean, die Britse gesagvoerder in Kingwilliamstown, duide-



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

lik uitgedruk: „Military control not colonisation is the principle of policy which has induced me to advise the retention of Kaffraria as a separate government independent of the Colony of the Cape.''

Vir militêre kontrole as hoof- of enddoel in Kaffraria het sir George Grey min gevoel. Hoofsaak by hom was om die beskawing te bevorder, en nie alleen deur die Kaffers op te hef nie, maar ook deur blank koloniste in die oop streke by hulle te vestig, wou hy so gou soos moontlik van Kaffraria 'n beskaafde gebied maak. Aan die een kant het hy dan ook veel vir die naturelle gedaan. Sendingwerk is aangemoedig. Beter kontrole oor die regterlike jurisdiksie van die hoofde is ingevoer, en die boetes wat hulle vroeër vir hulself gehou het, is in die landskas gestort. 'n Jaarlikse subsidie van £40,000 is van die imperiale regering verkry, en hierdie toelaag tesame met die skraal opbrengs van die plaaslike administrasie is o.a. aangewend om weë, brugge, 'n hospitaal en skole te bou. Aan die ander kant het die goewerneur sy bes gedaan om blank kolonisasie in Kaffraria te bevorder. Soos ons weldra sal sien, het hy in sy hele politiek 'n wye Suid-Afrikaanse blik gehad, en dit was vir hom vanselfsprekend dat dit in die belang van die hele land was om soveel koloniste hierheen uit Engeland en Europa te lok as maar moontlik was. Hy het gesien hoe Australië en Nu-Seeland as gevolg van hulle instroming 'n verbasend vinnige ontwikkeling tegemoet gegaan het, en hy wou 'n deeltjie van die groot emigrasiestroom wat destyds juis so sterk verby ons kus na die nuwe lande in die Suid-Pasiefiese Oseaan gevloei het, na die onbesette dele van ons oostelike binnelande afkeer.

Die Kaapse parlement het onder Grey se inspirerende leiding ook verder as die grense van die Kolonie gekyk en het in 1856 'n som van £50,000 vir die bevordering van kolonisasie beskikbaar gestel. Die groot moeilikheid was egter om emigrante in Europa en Engeland aan te tref, wat bereid was om aan Suid-Afrika die voorkeur bo Amerika, Australië en Nu-Seeland te gee. Spesiale moeite was nodig, en die goewerneur het die eerste groot kans wat hy gekry het nie ongebruik laat verbygaan nie. In April 1856 is die Krimoorlog afgesluit, en 'n paar duisend Duitsers, wat vir Engelse diens in die oorlog aangewerf was, die sogenaamde „German Legion,'' is vóór hulle ontbinding met gunstige voorstelle, vry passasie en grond, ens., genader. Die gevolg was dat teen die end van 1856 en die begin van 1857 sowat 3.000 Duitse immigrante hier aangekom het en by Kingwilliamstown en Stutterheim plase gekry het. Hulle was net die regte soort van koloniste wat Suid-Afrika



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

nodig had — hardwerkend, deeglik en militêr-geoefend; en dit was ook gou duidelik dat Grey deur hulle hierheen te bring 'n groot weldaad aan die land bewys het.

Die goewerneur en die parlement het in die tussentyd ook aan verdere immigrasieplanne gewerk, en dit het waarlik begin lyk asof Suid-Afrika op die vooraand van 'n groot Europese instroming gestaan het. Die nasionale selfmoord van die Kosas van 1857 het die moontlikheid hiervan nog groter laat lyk. Besonder merkwaardig en betekenisvol is hierdie gebeurtenis. Onder die Kosas suid van die Keirivier was daar 'n sluimerende gevoel van verset teen die Europese oorheersing, en ook onder hulle stamgenote noord van die Kei het vrees vir die Witman en afkeer teen vreemde invloede smeulende onrus en wraaklus lewendig gehou. Van die hoofde het geen kalmerende invloede uitgegaan nie; inteendeel! Krelie veral het die vuur aangeblaas, en in 1856 het hy en die ander Kosahoofde 'n kans gesien om deur middel van die diepgewortelde geloof van die Bantoes aan onsigbare geestelike kragte, die hele Kosastam in 'n groot poging tot verdringing van die vreemdelinge en handhawing van die nasionale tradiesies en instellings te verenig. Nonkwasie, 'n dogter van een van Krelie se indoenas, het op 'n aand van die rivier, waar sy gaan water haal het, met die tyding teruggekom dat die geeste daar met haar gepraat het. Haar oom, Oemlakasa, 'n toordokter, was gou byderhand om verdere berigte van die geeste te ontvang, en die inhoud daarvan was dan uiteindelik: die Kosas moet hul klaarmaak om die Witman in die see te ja; die helde uit die voorgeslagte in duisendtalle sal saamveg en die oorwinning onvermydelik maak; uit die geestewêreld sal volop prowiand vir die oorlog, vet slagbeeste en koeie met vol uiers en 'n oorvloed van kafferkoring en mielies, verskaf word; die lewendes moet hul vertroue wys en al hul vee en kosvoorraad tot niet maak; en op 'n dag (12 Februarie 1857) sal die son bloedrooi opkom tot 'n teken dat die tyd van bevryding daar is. Dan sal 'n stormwind uit die oostelike see oor die land bars en die vreemde indringers in die westelike golwe slinger — en die leë krale sal vol vee wees, en op die verwoeste lande sal swaar oeste hang, en die Kosavolk sal, ryk en magtig, die land besit, tot waar die Witman sy eerste weiveld van die kinders van Afrika gesteel het.

Die bedoeling van die hoofde met hierdie profesie was waarskynlik om 'n posiesie te skep wat die hele volk sou dwing om aan 'n groot aanval op die Kolonie deel te neem; maar wie kan sê, hoeveel selfbedrog en bygeloof daar ook nie by die leiers was nie? Dat hulle hul volgelinge nie beter vir die opmars



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

georganiseer het nie, nadat hulle gesien het, hoe deur die lengte en breedte van die Kosalande byna die hele kosvoorraad verwoes is, pleit daarvoor dat selfs die leiers aan hulle eie profesie gaan glo het. Hoe dit ook mag gewees het, die uitloop van die hele beweging was glad anders as wat hulle verwag het. Napoleon het gesê dat 'n leër op sy maag marsjeer; en 'n hongerlydende volk kannie oorlog maak nie. Dus, toe die son op 12 Februarie soos gewoonlik opkom, en die Kosas, bitter teleurgestel, die verskriklike gevolge vir hulsel van hul verwoestingswerk in die verskiet sien, toe het dié wat kon wel na die gebied van die Witman gestroom — maar as bedelaars om hulle lewe te red. Hoeveel Kaffers van honger omgekom het, sal nooit vasgestel word nie, maar dis waarskynlik nie 'n oordrewe berekening nie, dat die Kosastam ongeveer die helfte van sy getalsterkte verloor het. Volkstellings het aangedui dat waar die bevolking van Brits-Kaffraria op 1 Januarie 1857 op 105,000 gestaan het, dit op 31 Julie van dieselfde jaar as gevolg van uitsterwe en wegvlug tot 37,000 afgebring was.

Waar daar vroeër reeds baie oop streke in die geannekseerde land was, kan ons begryp dat daar nou nog veel meer ruimte vir blanke kolonisasie ontstaan het. Sir George Grey en die Kaapse parlement het dus meer rede as ooit tevore gehad om met hulle immigrasieplanne voort te gaan. Vereers het hulle gedoen wat hulle kon om die ellende onder die hongerlydende Kaffers te versag, en ook die koloniste het saamgehelp om kos na Kaffraria te stuur en aan vlugtelinge daaruit onderhoud te verleen; maar na die eerste skok verby was, is die pogings om nuwe koloniste na Suid-Afrika te trek met vernude krag voortgesit. Die Kaapse parlement het die goewerneur hartlik gesteun en in 1857 'n baie liberale emigrasiewet aangeneem: emigrante sou met hulle families vry vervoer word en ook nog ander ondersteuning kry.

Sonder sukses was hierdie pogings nie, want tussen 1858 en 1859 het meer as 6,000 Britse immigrante na Suid-Afrika gekom; maar die tempo was nog altyd te langsaam vir Grey, en hy het nog 'n keer probeer om die stroom met Duitse elemente te versterk. Met 'n Duitse firma is 'n ooreenkoms aangegaan om 4,000 immigrante te lewer, en in 1858 is ook werklik sowat 2,300 hierheen gebring. Die kanse op meer was goed. Ongelukkig egter het die Britse regering tussenbei gekom en Grey se kolonisasiepolitiek asook ander groot planne wat hy nagestreef het, stopgesit.

Die goewerneur het gedeeltelik self skuld daaraan gehad. Met die beste bedoelings het hy te vinnig en te ver gegaan son-



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

der om hom eers van die steun van die Britse ministers te verseker. Sy bogenoemde kontrak met die Duitse firma was nie geoutoriseer nie, en dit was 'n gewaagde stap om sonder spesifieke goedkeuring uit Engeland 'n maatreël te tref, wat duisende mense van die Europese vasteland na Suid-Afrika sou bring, en wat groter finansiële verantwoordelikheid op die skouers van die Britse belastingbetaler kon lê. Juis oor hierdie laaste aspek van die saak was die Britse ministers baie besorg, en dit was vir hulle 'n groot skok om te verneem dat Grey in 1857, toe hulle hul jaarlikse subsidie vir Kaffraria van £40,000 tot £20,000 afgebring het, op eie verantwoordelikheid wissels op die Britse skatkis gaan trek het om die hongerlydende gebied oor 'n kriesis te help.

Nog erger het Grey dit met die oorsese gesagvoerders verbrou, toe hy met die oog op die belange van die hele Suid-Afrika 'n staatkunde openbaar het, wat ons die reg gee om hom as een van ons eerste en grootste staatsmanne te roem, maar wat lynreg met die bedoelings van die Britse regering ten opsigte van hulle besittings hier in stryd was. Die goewerneur was sterk daarvan oortuig dat al die beskaafde state en geweste van Suid-Afrika, veral weens die dringende noodsaaklikheid van 'n gemeenskaplike naturellepolitiek, maar ook om ekonomiese redes, nou aan mekaar moes verbind word. Die Vrystaat was juis destyds in 'n lang stryd met Mosjes gewikkel, en dit was die uitwerking daarvan op ander naturelle naby en in die Kolonie, wat vir Grey duidelik laat insien het dat in so 'n saak samewerking tussen die verskillende regerings baie gewens was. Met die Vrystaters het hy intussen op 'n besonder vriendskaplike voet gestaan. Hy het o.a. sy belangstelling in hulle ontwikkeling getoon, deur sy kragtige ondersteuning by die oprigting van die Grey-Kollege. Hulle het hom dus vertrou, en in 1858 het hulle sy hulp ingeroep om as skeidsregter 'n billike vrede met Mosjes tot stand te bring. Dis begrypelik dat Grey se federasieplanne in die Vrystaat weerklank gevind het, en dat 'n voorstel ten gunste daarvan deur die volksraad aangeneem is. Die goewerneur was baie ingenome hiermee, en by die opening van die Kaapse parlement in Maart 1859 het hy sy mening omtrent die wenslikheid en noodsaaklikheid van 'n groot Suid-Afrikaanse statebond kragtig uitgespreek. Vir die Britse regering, wat 'n paar jaar tevore met 'n sug van verligting die Transvalers en Vrystaters aan hulle lot oorgelaat het en nog altyd prinsipieel daarteen was om Britse verantwoordelikheid in Suid-Afrika uit te brei, was dit eindelik te veel, en Grey is teruggeroep. Hy is wel toegelaat om vir 'n kort



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

tydjie tot Augustus 1861 weer die goewerneursamp hier te beklee, maar sy vlerke was geknip.

Sir George Grey het, in die eerste instansie weens die verset van die Britse regering, nie daarin geslaag om sy groot plan van 'n Suid-Afrikaanse federasie 'n stap vooruit te bring nie. As gevolg veral van gebrekkige steun uit Engeland kon hy sy ander groot idee, nl. om deur stelselmatige en vinnige kolonisasie wye, onbesette streke vir die blanke beskawing in beslag te neem, ook nie volgens sy wense uitvoer nie. Hy het egter veel tot stand gebring. Hy het die vertroue van blankes en gekleurdes suid en noord van die Oranjerivier gewen en vriendskaplike verhoudings tussen alle seksies van die Suid-Afrikaanse bevolking bevorder. Onder sy verstandige en simpatieke leiding het die Kaapkolonie op ekonomiese en kulturele gebied gesonde vooruitgang gemaak. Met vaderlike sorg het hy oor die naturelle gewaak en hulle op die pad van vreedsame ontwikkeling gebring. Wat konstitusioneel dikwels onmoontlik geblyk het, het hy reggekry; in sy hand het die uitvoerende mag, ofskoon onverantwoordelik aan en geskeie van die wetgewende, nie met laasgenoemde in botsing gekom nie. Hy het 'n groot en goeie naam hier agtergelaat, ook onder die Afrikaanssprekendes. Van hulle het hy getuig: „I have lived among many nations and in many countries, and I may with all truth say this, that I know no people richer in public and in private virtues than the Boers.'' Hoë lof, komende van so 'n man! En hier aangehaal, nie om ydele trots te voed nie, maar om aan 'n edele afkoms te herinner en na 'n hoë nasionale strewe te wys.

## § 2. Sir Philip Wodehouse (1862 — 1870).

Sir Philip Wodehouse was die laaste Kaapse goewerneur wat gedurende sy hele bewind sonder verantwoordelike ministers was, maar in sy tyd juis het dit duidelik geword dat die konstitusionele stelsel, waaronder 'n man van Grey se kwaliteit 'n groot en blywende naam kon verwerf, op die duur en onder 'n onsimpatieke goewerneur onwerkbaar moes word. Wodehouse was nie groot genoeg om die byna onvermydelike botsing tussen administrasie en wetgewing verder te voorkom nie; hy was trouens grotendeels daarvoor verantwoordelik dat die botsing ontstaan het; maar hy was ook minder gelukkig as Grey, want waar die Kolonie tot die begin van die jare '60 op ekonomiese gebied langsaam maar seker vooruitgang gemaak het, moes dit in Wodehouse se tyd onder swaar droogtes ly. Teen 1867 en 1868 was die ekonomiese toestand baie sorgwekkend, en soos ons



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

sal sien het die indruk daarvan meegehelp om die agitasie teen die uitvoerende volmag van 'n goewerneur, wat die naam gekry het dat hy die staatskoste buitensporig verhoog, aan te wakker.

Die eerste ernstige wrywing tussen Wodehouse en die parlement het in verband met sy strewe om Brits-Kaffraria by die Kaapkolonie in te lyf, ontstaan. Die karige subsidie wat die imperiale regering vir hierdie gebied beskikbaar gestel het, en die skraal plaaslike landsinkomste, was oorsaak dat dit nie behoorlik beheer kon word nie, en Wodehouse wou deur inlywing die hele finansiële verantwoordelikheid, aan die administrasie daarvan verbind, op die Kolonie oordra en so uit 'n groot moeilikheid kom. Die voorstanders van verantwoordelike bestuur was nie gereed om die goewerneur se plan goed te keur, voordat hulle groot konstitusionele mikpunt bereik was nie, en 'n voorstel tot inlywing is afgestem. Vir Wodehouse was dit 'n gevoelige neerlaag, en hy het meer en meer gaan kant kies teen die liberale konstitusionele party onder Molteno en Solomon, en by die teenstanders van verantwoordelike bestuur, wat veral uit die verteenwoordigers van die Oostelike Provinsie saamgestel was, steun gesoek. Hy probeer dan ook om die legislatiewe afskeiding van die provinsie, die tradisionele enddoel van die oostelike separatiste, deur die parlement bekragtig te kry, maar hy vind weer geen meerderheid vir sy voorstel nie, en die meeste wat hy vir sy vriende kon bereik was om een keer, in 1864, die parlementêre sessie na Grahamstad te verskuif. Intussen was die konstitusionele liberale ook nog nie sterk genoeg om 'n mosie ten gunste van verantwoordelike bestuur aangeneem te kry nie, maar Molteno se party sou aangroei. Wodehouse se onverstandige politiek in verskillende rigtings en die finansiële druk van slegte tye het dit in die hand gewerk.

In 1864 passer die Britse parlement, om van verantwoordelikheid in Kaffraria kwyt te wees, en op ingewe van die Kaapse goewerneur, 'n wet wat hom die reg verleen om die gebied aan die Kaapkolonie te heg, as die Kaapse parlement nie self daartoe oorgaan nie. Die plaaslike wetgewende liggame moes toe noodgedronge toegee en in 1865 is Brits-Kaffraria as twee nuwe kiesafdelings, Kingwilliamstown en Oos-Londen, by die Kolonie ingelyf, maar die hooghartige handelwyse van die imperiale gesagvoerders het die heftigste misnoeë aan die Kaap verwek, en die goewerneur se party het ingekrimp. 'n Sterk voorstel teen „die onkonstitusionele en onbillike daad van die imperiale parlement'' is sonder 'n verdeling in die wetgewende vergadering aangeneem, en die slot daarvan was 'n duidelik gestelde mosie van wantroue in die goewerneur.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

In 1866 moes Wodehouse met 'n tekort van by 'n £100,000 voor die parlement verskyn, en hy stel voor die heffing van 'n uitvoerbelasting en die aangaan van 'n lening van £200,000 vir die aanbou van spoorweë van Wellington na Worcester en van Port-Elisabeth na Grahamstad. Die parlement was nie in die humeur om hom sy sin te gee nie en het instede daarvan 'n besuinigingskommissie benoem.

By die volgende sessie in 1867 maak die goewerneur bekend dat die imperiale regering byna die hele koste van die verdediging van die Kaap aan die plaaslike regering oorgedra het, en spreek hy hom uit ten gunste van 'n ingrypende verandering in die Kaapse regeringstelsel. Om vry te kom van 'n parlement wat hom in geldsake en andersins nie gedienstig is nie, wil hy die tweekamerstelsel afskaf en met een huis, op minder demokratiese grondslag saamgestel, wat om die beurt in Kaapstad en Grahamstad sal sit, regeer. Hy spreek hom daarby sterk teen verantwoordelike bestuur uit. Hy wil inteendeel die uitvoerende teenoor die wetgewende mag versterk. Die finansies was in 'n haglike toestand. Daar was weer 'n tekort van by £100.000, en die goewerneur wou nuwe belastings invoer. Dit was alles koring op die meul van die konstitusionele liberale, en in die nuwe parlement in 1869 het hulle 'n groot meerderheid gehad. Hulle verwerp die konstitusionele en finansiële program van die goewerneur en dring weer op besuiniging aan.

In die tussentyd het Wodehouse ook noord van die Oranjerivier, waar sy voorganger so populêr was, niks as vyandskap verwek nie. Na jare van moeilikheid en oorlog het dit gelyk asof die Vrystaters die vrugte van hul inspanning sou pluk. Die Griekwakwessie was voorlopig opgelos. Kort vóór sy vertrek het sir George Grey aan die Philippolis-Griekwas 'n nuwe woonplek, wat vandag Griekwaland-Oos heet, aangebied in die oop geanneksеerde oostelike streek, wat hy verhinder was om met Europese koloniste te vul. Adam Kok het sy grond by Philippolis aan die Vrystaat verkoop en met sy stam na die beloofde land getrek. In Kokstad het hy toe rustig gaan woon, en die Vrystaat was dankbaar. Die Basoetoekwessie kon egter nie op 'n vreedsame manier opgelos word nie. Die vrede wat sir George Grey in 1858 tot stand gebring het, was kort van duur, en in hulle nood het die Vrystaters na die noordelike susterrepubliek vir steun gekyk. Marthinus Wessel Pretorius was daar die president, en in 1860 is hy ook tot president van die Vrystaat gekies. Grey het hierteen gewaarsku, en daarop gewys dat die vereniging van die twee republieke die geldigheid van die konvensies, waarop hulle onafhanklikheid berus,



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011